INSLUIT OF OPSLUIT? OPVOEDKUNDIGE ONDERSTEUNING IN WES-KAAPSE JEUGSORGSENTRUMS

deur

Duwatt Florus Tersius Fredericks

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad Magister Opvoedkunde (Opvoedkundige Ondersteuning) aan die Universiteit Stellenbosch

Studieleier: Prof Doria Daniels

Desember 2009

DEKLARASIE

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die outeursregeienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui) en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Desember 2009

Kopiereg © 2009 Universiteit Stellenbosch
Alle regte voorbehou

Opsomming

Hierdie studie is gedoen om die opvoedkundige ondersteuning wat leerders in spesiale jeugsorgsentrums in die Wes-Kaap ontvang te ondersoek, deur gebruik te maak van ’n kwalitatiewenavorsingsontwerp en binne ’n interpretatiewe paradigma te werk. Hierdie studie het ook die belewenisse van manlike jeugoortreders ten opsigte van hul opvoedkundige ervaring binne die rehabilitasiekonteks ondersoek. Die populasie vir die studie was oortreders in ’n spesiale jeugsorgsentrum – ’n onderwysinrigting waartoe jeugdiges deur die hof gevonnis word indien hulle herhaaldelik by misdaad betrokke is.

Die navorsing het uitgelig dat die jeugoortreders in die studiepopulasie ’n lang geskiedenis van aanhouding het; dat hulle voorheen in ’n inrigting van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, ’n gevangenis van die Departement Korrektiewe Dienste en ’n spesiale jeugsentrum van die Departement van Onderwys aangehou is. Die betekenisvolheid hiervan is dat dit toon hoe gefragmenteer dienste aan jeugdige oortreders gelewer word. Daar was baie onderbrekings in die deelnemers se opvoedkundige pad, asook verwydering van die gesins- en gemeenskapslewe.

Verder wil dit voorkom of geen departement aanspreeklikheid aanvaar het vir die rehabilitasie van die jeugdiges nie, aangesien hulle heen en weer tussen die inrigtings van die verskillende departemente geskuif is. Daar moet beter samewerking en skakeling wees tussen alle departemente wat betrokke is by jeugoortreders en die implimentering van programme moet effektief gemonitor en gereeld geëvalueer word. Programme moet gereeld hersien en konstant aangepas word om sodoende die lewensvatbaarheid van die programme en inrigtings te bepaal. Jeugdiges in jeugsentrums is nie ’n homogene groep nie en kom uit verskillende agtergronde met diverse opvoedingsbehoeftes waarin voorsien moet word.

Die jeugdiges het ook hul opvoedkundige behoeftes verwoord en dit het beroepsvaardighede, sosiale en morele ontwikkeling ingesluit. Verder is die redes ondersoek waarom die jeugdiges aanhoudend betrokke bly by misdaad. Hulle het aangevoer dat dit as gevolg van portuurdruk, dwelms en armoede is. Die jeugdiges het ook voorstelle van alternatiewe programme en ondersteuning gemaak. Volgens hulle moet dit insluiting in die gemeenskap, positiewe vryetydsbesteding, erkenning deur ander en weerbaarheid behels.

Abstract

This study was done to investigate the educational support that learners receive at a special youth centre in the Western Cape, by making use of a qualitative research design and working within an interpretive paradigm. This study also investigated the experiences of male youth offenders with regard to education within the rehabilitation context. The study population were young offenders in a special youth centre, which is an educational institution where young offenders are being sentenced to after being repeatedly involved in crime.

The research revealed that the youth offenders of the study population have a long history of detention; that they were held in an institution of the Department of Social Development, the prison of the Department of Correctional Services and special youth centres of the Department of Education. This finding is significant because it shows the fragmentation of services that are delivered to youth offenders. There was a lot of interruption along the participants' educational pathway, as well as removal from family and community life.

Furthermore, it would appear that no department accepted responsibility for the rehabilitation of the youths, because they were moved back and forth between the institutions of the different departments. There should be better collaboration and liaising between departments that are involved with young offenders and the implementation of programmes should be monitored effectively and evaluated regularly. Programmes should also be reviewed regularly and constantly adjusted to establish whether is the programmes and institutions are sustainable. The youth in youth centres are not a homogenous group and come from different backgrounds with diverse educational needs that should be met.

The youths also voiced their educational needs, which included workplace skills, social and moral development. Furthermore, the reasons why the youths continue to be involved in crime were investigated. They said that it was because of peer pressure, drugs and poverty. The youths also made suggestions of alternative programmes and support. According to them it should entail inclusion in the community, positive free-time spending, recognition by others and resilience.

Erkennings en Dankbetuigings

Hierdie studie is moontlik gemaak deur verskillende persone en ek wil graag die volgende persone uitsonder en bedank:

My studieleier Prof. Doria Daniels wat my met kundigheid en geduld ondersteun het.

My ouers, broers, suster en hulle kinders.

My vriende en in besonder Mnr. Goaly Hurling, my mentor wat nie meer vandag met ons is nie, maar altyd in my gedagtes was.

INHOUDSOPGAWE

VERKLARING I

OPSOMMING II

ABSTRACT III

ERKENNINGS EN BEDANKINGS IV

HOOFSTUK 1

ORIëNTERING TOT DIE STUDIE 1

1.1 INLEIDING 1

1.2 AGTERGROND TOT DIE STUDIE 2

1.3 RASIONAAL EN MOTIVERING VIR DIE STUDIE 3

1.4 PROBLEEMSTELLING 4

1.5 DOELSTELLINGS MET DIE NAVORSING 5

1.6 NAVORSINGSONTWERP 5

1.7 BEGRIPSVERKENNING EN OMSKRYWING 6

1.8 STRUKTUUR EN VERLOOP VAN DIE STUDIE 7

1.9 SAMEVATTING 8

HOOFSTUK 2

LITERATUUROORSIG 9

2.1 INLEIDING 9

2.2 INSLUITING OF OPSLUITING ? 10

2.3 DIE SUID AFRIKAANSE JEUGDIGE EN OORTREDING 11

2.4 VROEë-KINDERONTWIKKELING EN OORTREDING 12

2.5 DIE GESIN EN OORTREDING 13

2.6 DIE SKOOL EN OORTREDING 13

2.7 ARMOEDE EN OORTREDING 14

2.8 INTERNASIONALE EN SUID-AFRIKAANSE TENDENSE EN PERSPEKTIEWE T.O.V. OORTREDING 15

2.9 ONTWIKKELINGSPROGRAMME VIR JEUGDIGE OORTREDERS IN SUID- AFRIKA 17

2.10 SUID-AFRIKAANSE WETGEWING EN OORTREDING 19

2.11 UITDAGINGS IN DIE HANTERING VAN OORTREDERS 19

2.12 ’N CHRONOLOGIESE PERSPEKTIEF OP BENADERINGS TOT OPVOEDKUNDIGE ONDERSTEUNING AAN RISKANTE JEUGDIGES 21

2.13 BENADERINGS TOT REHABILITASIE VAN DIE JEUGOORTREDER IN SUID-AFRIKA EN WÊRELDWYD 24

2.14 HERSTELLENDE GEREGTIGHEID TEENOOR VERGELDENDE GEREGTIGHEID 26

2.15 SAMEVATTING 27

HOOFSTUK 3

METODOLOGIE 29

3.1 INLEIDING 29

3.2 NAVORSINGSONTWERP 29

3.3 NAVORSINGSPARADIGMA 30

3.4 DIE NAVORSINGSPOPULASIE EN OMGEWING WAAR DIE NAVORSING PLAASVIND 31

3.5 METODES VAN DATA- INSAMELING 32

3.5.1 ONDERHOUDE 33

3.6 DATA- ANALISE EN INTERPRETASIE 33

3.7 ETIESE OORWEGINGS 37

3.8 GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID 37

3.9 SAMEVATTING 38

HOOFSTUK 4

DIE VOORLEGGING EN ANALISE VAN DIE DATA 39

4.1 INLEIDING 39

4.2 TOEGANG TOT DIE DEELNEMERS EN VOORBEREIDING VIR DIE STUDIE 39

4.3 VOORLEGGING VAN DIE DATA 40

4.4 DIE DEELNEMERS 40

4.5 NASPORING VAN DIE JEUGDIGES SE ONDERWYSROETE 40

4.6 OUERBETROKKENHEID EN MISDAAD IN DIE GESIN 43

4.7 OPVOEDKUNDIGE BEHOEFTES 45

4.8 VOORBEREIDING VIR INSKAKELING BY DIE SAMELEWING 47

4.9 ALTERNATIEWE ONDERSTEUNINGSPROGRAMME 48

4.10 HERHALING VAN MISDAAD 51

4.11 SAMEVATTING 52

HOOFSTUK 5

BEVINDINGE EN AANBEVELINGS 54

5.1 INLEIDING 54

5.2 BESPREKING EN INTERPRETASIE VAN BEVINDINGE 55

5.2.1 DIE JEUGDIGE SE ONDERWYSROETE 55

5.2.2 OUERBETROKKENHEID IN OPVOEDING VAN DIE

JEUGDIGES EN MISDAAD IN DIE FAMILIE 55

5.2.3 DIE OPVOEDKUNDIGE BEHOEFTES VAN DIE JEUGDIGES 56

5.2.4 DIE HERHALING VAN MISDAAD 57

5.2.5 ALTERNATIEWE ONDERSTEUNINGSPROGRAMME 58

5.3 IMPLIKASIES VAN BEVINDINGE 60

5.4 AANBEVELINGS NA AANLEIDING VAN DIE NAVORSING 60

5.5 BEPERKINGS VAN DIE STUDIE 61

5.6 SAMEVATTING 62

5.7 BRONNELYS 63

BYLAE

BYLAE EEN : DIE ONDERWYSROETE VAN DIE JEUGDIGES 68-69

BYLAE TWEE : DIE ONDERHOUDSGIDS 70-72

BYLAE DRIE : VOORBEELDE VAN ROU DATA 73-81

BYLAE VIER : VOORBEELDE VAN ROU DATA 81-88

BYLAE VYF INSTEMMINGSVORM 89

LYS VAN TABELLE

TABEL 4.1 : DEMOGRAFIESE INLIGTING 40

TABEL 4.2 : FAMILIE BETROKKENHEID BY MISDAAD 42

TABEL 4.3 : OPVOEDKUNDIGE BEHOEFTES 43

TABEL 4.4 : OPVOEDKUNDIGE BEHOEFTES VIR INSKAKELING 45

TABEL 4.5 : ALTERNATIEWE ONDERSTEUNINGSPROGRAMME 46

TABEL 4.6 : HERHALING VAN MISDAAD 49

GRAFIESE VOORSTELLING 1 42

HOOFSTUK EEN

ORIËNTERING TOT DIE STUDIE

1.1 INLEIDING

Die Nasionale Onderwysdepartement se standpunt oor onderwys is dat alle leerders die reg op gehalteonderwys en binne ’n inklusiewe leeromgewing het (DvO, 1998). Die Suid-Afrikaanse Skolewet van 1996 bevorder toegang, gehalte en demokratiese bestuur in die skolestelsel. Dit verseker dat alle leerders die reg op toegang tot onderwys van goeie gehalte sonder diskriminasie het en maak verder ook skoolopleiding verpligtend vir kinders vanaf sewe tot veertien jaar (WKOD, 2009). Hierdie standpunt volg op twee ondersoeke wat in 1996 deur die kommissie van spesiale onderwys en komitee vir onderwysondersteuningsdienste gedoen is. Die verslag wat in November 1997 aan die Nasionale Minister van Onderwys voorgelê is, maak voorspraak daarvoor dat alle leerders aanspraak kan maak op die reg tot gehalteonderwys. Dit sluit in hulle wat betrokke was by misdaad en tot jeugsorgsentrums gevonnis is.

Die afgelope dekade is meer as 400 jeugdiges na een spesiale jeugsorgsentrum in die Wes-Kaap deur die hof verwys omdat hulle herhaaldelik by misdaad betrokke was (Nomganga, 2005). Jeugoortredings gaan gepaard met verwydering van die oortreders uit die samelewing. Na gelang van die soort oortreding wat begaan is, kan die jeugoortreder by enige van drie departemente betrokke by die rehabilitering van jeugoortreders geplaas word, naamlik Maatskaplike Ontwikkeling, Korrektiewe Dienste en Onderwys. Terwyl oortreders in die sorg van sodanige departemente is, is hulle veronderstel om aan verskillende ontwikkelingsprogramme wat van opvoedkundige aard is, blootgestel te word en die verwagting van die samelewing is dat sodanige programme die jeugdiges sal voorberei vir produktiewe lewens.

Min is bekend oor die aard van sodanige opvoedkundige programme in die onderskeie omgewings waar die jeugdiges geplaas word sowel as die soort ondersteuning wat deur

die onderskeie departemente gebied word. Die populasie vir die studie was jeugoortreders wat ’n geskiedenis het dat hulle al in verskeie inrigtings in verskillende staatsdepartemente was, soos byvoorbeeld ’n inrigting van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, ’n gevangenis van die Departement Korrektiewe Dienste en ’n spesiale jeugsentrum van die Departement van Onderwys. Ondervinding van en inligting oor hierdie inrigtings het my tot die gevolgtrekking laat kom dat opvoeding nie noodwendig as primêre fokus dien by sodanige inrigtings nie. Jeugoortreders in die jeugsorgsentrums is in baie gevalle jongmense wat al tevore met die gereg gebots het. As sodanig beweeg hulle op hierdie jong leeftyd tussen meer as een inrigting en departement. Voorts is jeugdiges in jeugsentrums nie ’n homogene groep nie, want hulle kom uit verskillende agtergronde met diverse opvoedingsbehoeftes waarin voorsien moet word.

1.2 AGTERGROND TOT DIE STUDIE

Sedert 2001 het jeugsentrums en vaardigheidskole verbeteringskole vervang (WKOD, 2001). Die jeugdiges in jeugsentrums kry opleidingsgeleenthede om vaardighede aan te leer soos lewensvaardighede, bouwerk, houtwerk en sweiswerk. Hulle ontvang ook ontwikkelingsprogramme om aan bestaande anti-sosiale gedrag aandag te gee. Die verwagting van ouers en die samelewing is dat blootstelling aan ontwikkelingsprogramme rehabiliterend sal wees en dat die jeugdiges daarna nie weer by misdaad betrokke sal raak nie.

Die werklikheid is egter dat die meeste van die vierhonderd jeugdiges wat die afgelope vyf jaar na een jeugsorgsentrum verwys is, volgens maatskaplike werkers en korrektiewe beamptes weer by misdaad betrokke geraak het (Brown, 2005; Jordaan, 2005). Dit wil voorkom asof die ontwikkelingsprogramme nie die verlangde resultate behaal nie. Dit laat die vraag ontstaan oor watter opvoedkundige behoeftes die hoof gebied moet word ten einde jeugdiges te help om suksesvol by die samelewing te kan inskakel.

In hierdie studie is die opvoedkundige belewenisse van manlike jeugdiges teen die agtergrond van rehabilitasie ondersoek. Die populasie vir die studie was jeugdiges in ’n

Wes-Kaapse jeugsorgsentrum, wat deur die hof gevonnis is omdat hulle herhaaldelik by misdaad betrokke was. Die belangrikheid van die studie lê daarin dat die onderwys, maatskaplike en ekonomiese implikasies van opsluiting van jeugdiges in jeugsentrums sigbaar gemaak kan word. Kennis kan ontwikkel word oor leemtes in die jeugsorgsentrums se opvoedkundige ondersteuningsprogramme ten einde daarop te verbeter. Alvorens intervensies kan plaasvind, is dit nodig om ondersoek in te stel na wat die individuele jeugoortreders se behoeftes is. In die studie is aangevoer dat elke persoon se realiteit verskillend is, en dat dit sosiaal gekonstrueer word (Piaget in Donald, Lazarus en Lolwana, 2002). Met ander woorde, wie die persoon is, is ’n produk van dit waaraan hy/sy blootgestel is, en wat hy/sy beleef het. Daar kan aangeneem word dat die jeugdiges wat aangehou word, diverse opvoedingsbehoeftes het wat die hoof gebied moet word. Hierdie kwalitatiewe studie is binne ’n interpretivistiese paradigma gesitueer.

1.3 RASIONAAL EN MOTIVERING VIR DIE STUDIE

Die Departement van Onderwys stel relatief baie geld beskikbaar vir jeugontwikkeling in die Wes-Kaap. Volgens Pelser (2008) word daar daagliks byvoorbeeld R125 per gevangene bestee en hierdie bedrag sluit infrastruktuur uit. Indien die geld wat tans bestee word geregverdig moet word, behoort dit teenoor die suksesse wat behaal word, gestel te word. Daar is te veel jeugdiges wat, nadat hulle ontwikkelingsprogramme in spesiale jeugsentrums voltooi het, weer betrokke raak by misdaad en gevolglik weer in ’n gevangenis opgeneem word. Dit maak finansiële sin om in die lewens van jeugdiges te belê eerder as om jeugdiges te rehabiliteer. Verder maak dit ook politieke sin om in jeugdiges se opvoedkundige toekoms te belê eerder as in hulle gevangenisstraf. Een analis het onlangs voorgestel dat die gevangenisprogram teen sestig biljoen rand oor ’n tydperk van tien jaar uitgebrei word (Pelser, 2008) sodat beter rehabilitering by gevangenisse kan plaasvind. ’n Ondersoek na die inhoud van ontwikkelingsprogramme sowel as die implementering daarvan kan lig werp op die probleem. Indien jeugdiges geleentheid gegee word om hulle ervarings ten opsigte van die programme te deel, kan vasgestel word hoe sodanige programme in hulle opvoedkundige behoeftes kan voorsien.

Die belangrikheid van die huidige studie lê daarin dat bevind is dat jeugdiges ondersteun moet word met inagneming van hulle sosiale agtergrond sodat hulle aan sosiale, ekonomiese en politieke prosesse kan deelneem en hul plek konstruktief kan volstaan in hul gesin, gemeenskap en die samelewing. Die visie van die Wes-Kaapse Departement van Onderwys om enersyds ’n leertuiste vir almal te skep en andersyds om te verseker dat alle leerders die kennis, vaardighede en waardes verwerf wat hulle nodig het (WKOD, 2009). Die jeug in spesiale jeugsorgsentrums het die reg op gehalteonderwys en opleiding en die intervensies wat ontwerp word, moet hulle bemagtig. Die Grondwet van Suid-Afrika (Wet nr. 108 van 1996) waarborg toegang tot basiese onderwys met die voorskrif dat almal die reg het op basiese onderwys. Die wet vereis verder dat onderwys getransformeer en gedemokratiseer sal word ten opsigte van die waardes van menswaardigheid, gelykheid, menseregte en vryheid, nierassisme en nieseksisme (WKOD, 2009). Hierdie studie gee die geleentheid om die opvoedkundige ondersteuning wat reeds gegee word aan te dui sodat toekomstige ondersteuning leemtes kan aanvul en hindernisse die hoof kan bied.

1.4 PROBLEEMSTELLING

Jeugoortreders plaas groot finansiële druk op die nasionale en provinsiale begroting en groot sosiale en maatskaplike druk op die gesin en die samelewing. Volgens Pelser (2008) word jeugdiges konstant by hulle huis, skole en gemeenskap blootgestel aan misdaad en armoede. Bronfenbrenner (in Donald et al., 2003) sluit die huis, skool en gemeenskap in wanneer hy verwys na die verskillende stelsels wat ’n invloed het op die ontwikkeling van die kind. Die opvoedkundige ondersteuning wat leerders in spesiale jeugsentrums ontvang moet na hulle behoeftes omsien anders sal daar nie ’n kultuur van dissipline en respek in gemeenskappe en die samelewing gehandhaaf kan word nie. Navorsing in Suid-Afrika dui daarop dat misdaad ’n manier is wat jeugdiges gebruik om respek en status in die samelewing te ontvang (Pelser, 2008). Jeugoortreders, as leerders, het ook die reg op gehalteonderwys en opleiding en wel binne ’n inklusiewe onderwysstelsel (DvO, 2001). As opvoeder met persoonlike ervaring van jeugsorgsentrums besef ek dat daar baie dinge is wat die jeugoortreder kan laat

onderpresteer indien daar nie ondersteuning op emosionele, kognitiewe, sosiale, ekonomiese of geestelike gebied word nie.

Die jeugsorgstelsel van Suid-Afrika en in die besonder die Wes-Kaap gebruik benaderings wat dalk nie tred hou met Suid-Afrikaanse jeugdiges se probleme en behoeftes nie. Dit blyk dat die ontwikkelingsprogramme by die sentrum waarmee ek vertroud is, ontwerp was om te beheer en te dissiplineer. ’n Gaping in die kennisveld behels die opvoedkundige ondersteuning wat jeugoortreders in jeugsorgsentrums ontvang en die waarde van sodanige programme vir die rehabilitering van leerders in die sentrums. Vir die doeleindes van hierdie studie is die onderstaande navorsingsvrae gevra ten einde rigting te gee aan die navorsing:

1. Wat is die opvoedkundige behoeftes van leerders in jeugsorgsentrums?
2. Wat is leerders se ondervinding van die ontwikkelingsprogramme waaraan hulle in die jeugsorgsentrum blootgestel word?
3. Watter alternatiewe ondersteuning moet volgens leerders deur jeugsorgsentrums gegee word?

1. 5 DOELSTELLINGS MET DIE NAVORSING

Die doelstellings met die navorsing was om leerders wat in jeugsorgsentrums aangehou word die geleentheid te gee om hulle belewenis van opvoedkundige programme en ondersteuning te verwoord. Daar is ook gepoog om vas te stel hoe die leeromgewing deur die leerders beskryf word en wat die leerders se onderwysbehoeftes is.

1.6 NAVORSINGSONTWERP

Hierdie is ’n kwalitatiewe navorsingstudie met ’n interpretivistiese invalshoek. Die studie is gedoen teen die agtergrond van ’n Wes-Kaapse jeugsorgsentrum. Vier seuns wat tans by die jeugsentrum ingeskryf is, het as die populasie vir die studie gedien. Die doelgerigte steekproef het bestaan uit jeugdiges wat voorheen by misdaad betrokke was en reeds minstens een jaar in die program was. Al die subjekte is ingesluit omdat hulle al tevore elders geplaas was voordat hulle na die spesiale jeugsentrum gevonnis is. Ten tye

van die studie moes hulle alreeds hulle individuele programme van byna ’n jaar by die spesiale jeugsorgsentrum voltooi het. Die kwalitatiewe navorsingsbenadering is geregverdig omdat die sosiale agtergrond van jeugoortreders binne ’n jeugsentrum beter verstaan moes word. Die navorsingsmetodes wat as geskik vir die studie beskou is, was waarneming en onderhoudvoering. Volgens Miles en Huberman (1994:1) is kwalitatiewe data ’n bron van gegronde en ryke beskrywings en verduidelikings van prosesse teen identifiseerbare agtergronde. Deur twee metodes van data-insameling te gebruik, is die betroubaarheid van die ondersoek verhoog (Jick, 1979). Denzin (1997) sê ondersteuning vir die gebruik van verskillende data-insamelingsmetodes lei tot ’n beter begrip van die fenomeen van jeugoortreding Met elkeen van die deelnemers is individuele onderhoude gevoer. Die vrae wat tydens die onderhoude gevra is, moes die opvoedkundige behoeftes van die jeugdiges blootlê.

1.7 BEGRIPSVERKENNING EN OMSKRYWING

1.7.1 Jeugdige oortreders

Vir die doeleindes van hierdie studie verwys *jeugdige* na ’n individu tussen die ouderdom twaalf jaar en twee en twintig jaar (Pelser, 2008). *Jong kinders* en *jeug* verwys na persone onder die ouderdom 18 jaar (Interministeriële komitee oor jong riskante persone, 1998)

1.7.2 Spesiale jeugsorgsentrum

’n *Spesiale jeugsentrum* is ’n onderwysinrigting waarheen jeugdiges deur die hof gevonnis word indien hulle herhaaldelik by misdaad betrokke was. Hierdie inrigtings het in 2001 die verbeteringskool vervang (WKOD, 2009).

1.7.3 Regstellende geregtigheid

Regstellende geregtigheid is gebaseer op die aanname dat die balans tussen regte en verantwoordelikhede tydens ’n oortreding versteur word en dat metodes gevind moet word om die balans te herstel (Child Justice Alliance, 2004). Die sleutelkonsepte in die filosofie van regstellende geregtigheid behels konflikhantering, verantwoordbaarheid en

aktiewe deelname deur die oortreder en slagoffer tydens besluitnemingsprosesse Umbreit, (1994:2).

1.7.5 Vergeldende geregtigheid

Volgens Zehr (1994: 3–4) behels *vergeldende geregtigheid* dat misdaad teen die staat gepleeg word en dat misdaadvoorkoming plaasvind d.m.v. straf. Verder word die slagoffer hoofsaaklik geïgnoreer en is die oortreder se rol passief. Daar is min geleentheid vir vergifnis en berou en die stigma van die oortreding word nie verwyder nie.

1.7.6 Inklusiewe onderwys

Inklusiewe onderwys verwys na die bevordering van leer en deelname deur ’n verskeidenheid leerders in ’n skool en sy omgewing (Booth , 2000).

1.8 STRUKTUUR EN VERLOOP VAN DIE STUDIE

In hierdie hoofstuk het ek uiteengesit wat my motivering was om die navorsing te doen. Ek het die agtergrond tot die studie geskets en die probleem gestel, waarna die navorsingsontwerp uiteengesit is. Hoofstuk twee handel oor die literatuur wat ek gebruik het om ’n teoretiese raamwerk vir die navorsing te skep. Hoofstuk drie gee ’n uitsetting van die navorsingsmetodes, in hoofstuk vier word die analisering van data verskaf, en in hoofstuk vyf word die bevindinge en aanbevelings na aanleiding van die navorsing opgesom.

1.9 SAMEVATTING

Jeugoortredings stel baie eise aan professionele persone, ouers en instansies wat betrokke is by die opvoedkundige ondersteuning van die betrokke jeugdiges. Tensy daar voorsiening gemaak word vir intervensies van goeie gehalte sal ons, soos Brendtro (2000) dit stel, geld verkwis omdat die intervensies nie langtermyndoelstellings het nie. Bronfenbrenner (1983) se bydrae ten opsigte van jeugontwikkeling fokus op die rol van

volwassenes deurdat hy beklemtoon dat elke kind ten minste een volwassene nodig het wat gek is na hom/haar. Dit is verder volwassenes se verantwoordelikheid om die ideale leeromgewing te skep wat bevorderlik is vir optimale leer. Inklusiewe onderwys bevorder inklusie en die reg van die individu op gehalteonderwys. Hierdie reg word ook deur die Grondwet gewaarborg en in hierdie studie kry jeugdiges die geleentheid om hulle onderwysbehoeftes te verwoord sodat aangeteken kan word hoe hulle die ontwikkelingsprogramme ervaar het en watter alternatiewe programme hulle moet ontvang.

HOOFSTUK TWEE

LITERATUUROORSIG

2.1 INLEIDING

Die studie is by ’n jeugsorgsentrum in die Wes-Kaap onderneem om vas te stel wat die opvoedkundige behoeftes van jeugdige oortreders is. Hierdie jeugdiges is na die jeugsentrum gevonnis nadat hulle herhaaldelik by misdaad betrokke was. Die opsluiting van jeugdige oortreders saam met geharde volwasse gevangenes skep die geleentheid vir jong oortreders om erger misdadigers te word met min geleentheid om gerehabiliteer te word en in die samelewing geïntegreer te word (National Youth Development Policy Framework 2002–2007, 1997:16). Dit blyk asof opsluiting nie positiewe resultate lewer nie aangesien daar ’n baie sterk subkultuur onder die gevangenes of in spesiale jeugsorgsentrums heers wat persone vasgevang laat in die siklus van misdaad en anti-sosiale gedrag. Na aanleiding van die studie kan alternatiewe ontwikkelingsprogramme saamgestel word in ’n poging om jeugdiges te rehabiliteer. Vandaar die vraag: opsluit of insluit? en die soeke na wat die opvoedkundige behoeftes van jeugdige oortreders is.

Die jeugdiges in my studie kom uit arm gemeenskappe en enkelouer-gesinne. Verder was die jeugdiges nog nie suksesvol om tot die arbeidsmark toe te tree nie. Jeugdiges in jeugsentrums is nie ’n homogene groep nie en kom uit verskillende agtergronde met diverse opvoedingsbehoeftes waarin voorsien moet word. Jeugoortredings en ondersteuning aan oortreders ná skuldigbevinding skyn ’n komplekse proses te wees. Vandaar dat ’n chronologiese ontwikkeling van programme en teorieë ten opsigte van jeugdiges wat hulle skuldig maak aan misdaad en wat gereeld in konflik met die gereg is, ’n substansiële deel van die literatuur is wat geraadpleeg is om die teoretiese raamwerk vir die studie te help vorm. Die aard van die probleme van die jeugdiges en hoe dit die hoof gebied kan word, word uiteengesit. ’n Holistiese perspektief van wat in Suid-Afrika

en wêreldwyd gebeur ten opsigte van onderwys aan jeugdige oortreders sal ook verskaf word.

2.2 INSLUITING OF OPSLUITING

Volgens die Wetsontwerp op Kindergeregtigheid is ’n *kind* ’n persoon wat jonger as agtien jaar oud is. In Suid-Afrika was daar op 31 Mei 2004 3 593 kinders in gevangenisse waarvan 1 868 verhoorafwagtendes was en 1 725 vonnisse uitgedien het (Sloth-Nieber, 2004:3). Volgens die onderwyserskoerant, *The Teacher* (Junie 2005) was daar in Mei 2004 3 594 kinders onder die ouderdom 18 jaar in Suid-Afrikaanse gevangenisse. Navorsing deur die Center for Justice and Crime Prevention (CJCP) oor jeugoortreders toon dat opsluiting gereeld in die jeugdiges se lewe plaasgevind het. Die helfte van die jeugdiges wat deel was van daardie studie het aangedui dat hulle ten tye van die studie wel voorheen opgesluit was vir misdaad.

Die Departement van Justisie (1997:16) gee agtergrond oor die kompleksiteit in die rehabilitering van jeugoortreders deur daarop te wys dat die programme vir jeugdige oortreders nie effektief is nie en dat dit ook nie kan meeding met die gevangeniskultuur wat binne die gevangenis heers nie. Die gevangenis benadeel die jeugdige se ontwikkeling, en opsluiting stigmatiseer die oortreder en bevorder verdere oortredings omdat die jeugdige as ’n oortreder geëtiketteer word. Verder word gevangenisse beskou as ’n skool vir misdaad waar verdere oortredings aangeleer word by mede-aangehoudenes. In die konteks van hierdie navorsingstudie verwys *insluiting* na die proses om die jeugdige oortreder in die gesin en gemeenskapslewe te hou, terwyl *opsluiting* verwys na die proses om die jeugdige oortreder in ’n jeugsorgsentrum of gevangenis aan te hou. Die respons op wangedrag verskil tussen departemente, en die proses van assessering, beplanning en intervensie is ook verskillend. Daar word na inklusiewe onderwys verwys as ’n proses waartydens ’n skool sy kapasiteit uitbou sodat elke individuele leerder in die omgewing van die skool daar onderwys kan ontvang sonder om uitsluiting te ervaar.

Green (2001:217) gebruik die begrippe *pasgehalte* ("goodness of fit") en *gebrek aan pasgehalte* ("poorness of fit") om te verduidelik hoe die omgewing dit vir die leerder moeilik maak om sy/haar potensiaal te bereik. Pasgehalte word aangetref wanneer die daar aan die eise wat deur die omgewing gestel word deur die individu se kapasiteit en eienskappe voldoen word (Green, 2001). Indien die individu in konflik is met volwassenes in sy omgewing sal daar gebrek aan pasgehalte wees (Thomas & Chess, 1977, in Green et al., 2001) wees omdat die leerder nie aan die eise wat die omgewing stel, voldoen nie. Dit blyk dat die omgewing of stelsel teen die agtergrond van inklusiewe onderwys aangepas moet word sodat die leerder daarby kan aanpas. In die ekosistemiese benadering word die vraag gestel of die leerder by die stelsel van die volwassene moet aanpas en of die volwassene die stelsel moet aanpas sodat die leerder daarby kan inpas (Green et al., 2001).

2.3 DIE SUID-AFRIKAANSE JEUGDIGE EN OORTREDING

Jeugdiges se betrokkenheid by misdaad verskil aansienlik van dié van volwassenes, want volgens Leoschut en Burten (2005) is jeugdiges se betrokkenheid by geweldsmisdaad agt keer meer as dié van volwassenes, diefstal is vyf keer meer, en roof kom vier keer meer by jeugdiges as by volwassenes voor. In ʼn besprekingsdokument oor geweld (Pelser, 2008) beweer die skrywer dat jeugmisdaad en geweld in Suid-Afrika die afgelope 30 jaar deel uitmaak van ʼn geweldskultuur. Verder vind normalisering van misdaad en geweld onder jongmense plaas wat negatief gesosialiseer of uitgesluit is weens hulle sosio-ekonomiese klas (Pelser, 2008). Die groep na wie Pelser verwys, die jeugdige, maak ʼn beduidende deel van die Suid-Afrikaanse bevolking uit. Hy voer vervolgens aan dat gebeure soos die opstande in 1976 en die tagtigerjare tot die algehele afbreek van die gesin en die skool, die twee nie-amptelike gesagsstrukture, gelei het.

Dié siening word ondersteun deur Daniels en Adams (2009) in hulle studie oor jeugbendes op die Kaapse vlakte in die Wes-Kaap. Volgens hulle bestaan daar ʼn agterstanddiskoers wat die jeug benader as mense met probleme wat opgelos moet word,

byvoorbeeld vervreemding van hul gemeenskap. Sodanige posisionering sal neig om jeugdiges afkomstig uit ’n township as riskante (*at-risk*) jeugdiges te benader eerder as jeugdiges met potensiaal. Volgens Daniels en Adams (2009) moet die strukturele en kulturele patrone van ongelykheid en dominansie van die verlede waaronder bruin Suid-Afrikaners gebuk gegaan het, deel uitmaak van die betekenismaking oor jeugoortreding. Daniels en Adams (2009) wys verder op die onvermoë van bestaande diskoerse om te fokus op die invloed wat ’n gemeenskap se welwees uitoefen op besluite wat kinders neem in tye van sosio-ekonomiese krisis en swaarkry. Die kinders van die Suid-Afrika se “verlore geslag” is nog nie opgespoor en verligting gegee nie, maar hulle leer nou om verlore te wees (Pelser, 2008).

2.4 VROEË- KINDERONTWIKKELING EN OORTREDING

Kinders uit arm gemeenskappe begin dikwels hul skoolopleiding met ’n agterstand omdat hulle nie skoolgereed is nie (Mcwhirther, 2005). Fuller (2002) het in ’n studie getoon dat gesinne se welstand agteruit gegaan het omdat moeders nie toelaes van die Amerikaanse regering ontvang het nie. Die kinders van hierdie huishoudings het ontwikkelingsagterstande getoon vergeleke met kinders wat goeie voorskoolse onderrig ontvang het. Pelser (2008) het in sy verslag oor misdaad in Suid-Afrika daarvan melding gemaak dat daar in Suid-Afrika aangekondig is dat tien biljoen rand aan vroeë- kind-ontwikkeling in die toekoms bestee gaan word.

Die voorvereiste vir die voorkoming van antisosiale gedrag is die aanleer van akademiese en sosiale vaardighede in ’n vroeë stadium van ’n kind se lewe (Goldstein, 1994). Navorsing het getoon dat sekere aggressiewe gedrag van die kinderjare wel in die tienerjare na vore kom (Wicks-Nelson & Israel, 1997).

2.5 DIE GESIN EN OORTREDING

Kinders wat in armoede opgroei, ervaar gemeenskappe wat ongeorganiseerd is met enkel-ouers, geen vaders nie en min ondersteuning van ander gesinne (Garbarino, 1998). Die sosiale en ekonomiese omstandighede waarin kinders grootword bepaal grotendeels hulle algemene welstand. Die gesin se sosio-ekonomiese status speel ’n groot rol in die kind se onderwys, verdere loopbaan, toekomstige besoldiging en gesondheid (Garbarino, 1998; Brooks-Gunn & Duncan, 1997). Kinders se ontwikkeling word ook negatief beïnvloed deur hulle gesinne se ekonomiese probleme deurdat die ouers se houding, disposisies en gedrag nie positief is nie (Mcwirther 2005:25). Volgens Mcwirther (2005) is ouers wat finansiële probleme ervaar meer gestres en geïrriteerd en dissiplineer hulle kinders deur hulle te straf. Pelser (2008) voer in dié verband aan daar word in Suid-Afrika na misdaad verwys as ’n daad van “ander” en “hulle” en “die misdadigers” wat deur die polisie, hof en gevangenis geïdentifiseer en gehanteer word. Volgens hom is dit ’n wanopvatting aangesien “hulle” eintlik “ons” is en “die misdadigers” ons kinders.

2.6 DIE SKOOL EN OORTREDING

Skole in Suid-Afrika word as die plek vir misdaad en viktimisering beskou en dit wat in skole gebeur, is ’n uitvloeisel van wat by die huis en onmiddellike omgewing gebeur. Die rol wat die skool, huis en onmiddellike sosiale omgewing in die lewe van die jeugdige oortreder se lewe speel, is groot. Volgens Pelser (2008) het die jeugdige hierdie gedrag aangeleer en geïnternaliseer omdat hulle konstant by die huis en skool en in die onmiddellike sosiale omgewing aan misdaad en geweld blootgestel word. Die leerder se sosiale omgewing word deur Vygotsky (1978) as een van die faktore beskou wat leerders se kanse om hul potensiaal te bereik óf positief óf negatief kan beïnvloed. Dit blyk in hierdie stadium van die literatuuroorsig dat ons alle stelsels wat met die leerder in interaksie is, as ’n agent in die leerder se ontwikkeling moet beskou. Kinders se bereiking van hul potensiaal word beperk deur omgewingsuitdagings en volgens McWhirter (2007)

sluit die uitdagings probleme by die huis, skool en gemeenskap, asook kulturele probleme en sosiale boodskappe in.

2.7 ARMOEDE EN OORTREDING

Garbarino (1998) stel dit verder dat armoede kinders blootstel aan geweld, rassisme, onstabiele versorgingsmaatreëls, ekonomiese agteruitgang en gebrekkige sekuriteit. Gevolge van hierdie ontberinge is akademiese mislukkings en kindermishandeling (Garbarino, 1998). Armoede lei ook tot gesondheidsprobleme en swak ouer-kind-verhoudings asook kindermishandeling en verwaarlosing (CDF, 2001a). Kinders en veral jeugdiges word tydens moeilike omstandighede by die huis gedwing om ondersteuning by portuurgroepe of bendes te soek. Die kompleksiteit van bendebedrywighede kan aan sistemiese en ontwikkelingsfaktore toegeskryf word (Mcwirther et al., 2007).

Swart gemeenskappe in Suid-Afrika sedert die sestigerjare van die vorige eeu tot 1994 is gekenmerk deur geforseerde verskuiwings en ontwrigting van gesinslewe. Gekoppel hieraan is armoede en maatskaplike probleme, soos waarvan roof en bendegeweld op die Kaapse Vlakte getuig. Kinders en jeugdiges is spesifiek meer kwesbaar as slagoffers en oortreders van misdaad (Steyn , 2005). Samara (2005) se navorsing oor misdaad op die Kaapse Vlakte toon dat, alhoewel jong mans meestal die slagoffers van geweld is, is hulle ook oorweldigend die persone wat verantwoordelik is vir die meeste oortredings in hulle gemeenskappe. So byvoorbeeld toon ’n Amerikaanse studie dat daar in een honderd Amerikaanse stede waar die ekonomiese omstandighede nie goed is nie, ’n verband bestaan tussen werkloosheid en jeugmisdaad (Ebenson, 2000). In omgewings waar jeugdiges wel onder sosio-ekonomiese druk geplaas word, neig hulle brose te wees as ander jeugdiges, en dus ontvanklik vir uitbuiting deur bendes, soos ’n onlangse studie deur Daniels en Adams (2009) bevind het. Wanneer sodanige jeugdiges ook uit gebroke huise kom, kan bendes stabiliteit en waardigheid bied wat nie by die huis beskikbaar is nie (Daniels & Adams, 2009).

Hierdie studie kon myns insiens nie op ’n meer kritieke tydstip van Suid-Afrika se jeug plaasgevind het nie aangesien daar talle jeugdiges by misdaad betrokke geraak het in die afgelope dekades. Volgens Daniels en Adams (2009) is dit kommerwekkend dat jong misdadigers opgroei en volwassenes word wat aanhou om die gemeenskap se lewensgehalte te ondermyn.

2.8 INTERNASIONALE EN SUID-AFRIKAANSE TENDENSE EN PERSPEKTIEWE T.O.V. OORTREDING

Tydens ’n opvolgstudie wat in Australië gedoen is, ses jaar ná die oorspronklike studie, is bevind dat sestig persent van die jeugdige oortreders weer oortree het (Maxwell en Morris in Van der Merwe en Dawes, 2004:22). Volgens die jeugdiges in dié studie-populasie het hulle weer by misdaad betrokke geraak om die onderstaande redes:

- daar was niemand of min mense wat vir hulle omgegee het nie;
- hulle ouers het hulle nie genoeg gemonitor nie; en
- daar was swak dissiplinêre optrede deur hulle ouers en geen bevredigende verhoudings nie.

Volgens die jeugdiges in die Australiese groep het hulle baie jonk begin met antisosiale gedrag en misdaad. Hulle het swak gevaar op skool en hulle het nie aan sport of die gemeenskapslewe deelgeneem nie.

Daar is gemengde bevindinge oor die effektiwiteit van programme vir jeugoortreders. Tydens die evaluering van die Canberra-eksperiment in Australië is daar bevind dat daar ’n afname in heroortreders van geweldsmisdaad is. Die aantal heroortreders van misdaad soos huisbraak en diefstal het egter toegeneem (Sherman, Strang & Woods in Van der Merwe & Dawes, 2004:22). Volgens Steyn et al. het hierdie bevindinge veral implikasies vir Suid-Afrikaanse programme omdat die meeste jeugoortreders in Suid-Afrika betrokke is by oortredings soos huisbraak en diefstal.

Volgens die Verenigde Nasies se 1990 konvensie oor die regte van ’n kind moet alle optrede wat ’n uitwerking op die kind gaan hê, kindgesentreerd wees. Beskuldigde

jeugdiges moet op so ’n wyse behandel word dat hulle menswaardigheid nog steeds bevorder word. Enige optrede moet hulle herintegrering of insluiting bevorder.

Die Verenigde Nasies se minimum reëls (Tokio Reëls, 1990) stel dit duidelik dat die beperking van ’n individu se vryheid geregverdig is slegs indien dit vir die veiligheid van die publiek is of indien dit vergelding regverdig. Verder kan gemeenskapsgebaseerde alternatiewe vir opsluiting beide die oortreder en die gemeenskap bevoordeel. Die publiek moet betrokke wees by die bestuur van misdaad. Die Verenigde Nasies se reëls van 1990 vir die beskerming van jeugdiges wie se vryheid van hulle weggeneem is, skryf voor dat programme in inrigtings die selfbeeld van die jeugdiges moet versterk. Die programme moet ook verantwoordelikheid jeens die samelewing bevorder. Jeugdiges wat in aanhouding is, moet toegang tot skoolopleiding, rekreasieaktiwiteite, kontak met die wyer gemeenskap en inisiatiewe om hulle weer suksesvol in die samelewing in te sluit, behels.

Vervolgens het die Verenigde Nasie standaard- minimum reëls vir die administrasie van jeugdige geregtigheid wat bepaal dat die omstandighede van die oortreder en oortredings in ag geneem moet word (Beijing Reëls, 1985). Jeugdiges moet die geleentheid kry om hulself te ontwikkel en om deel te neem aan die gemeenskapslewe. Beskuldigdes moet ’n regverdige verhoor ontvang. Die familie, vrywilliges en die gemeenskap moet gemobiliseer word sodat daar nie altyd amptelike intervensie hoef te wees nie. Nadat ’n jeugdige gearresteer is, moet hy of sy nie by ’n polisiestasie of in ’n gevangenis aangehou word nie, maar in ’n ander plek geplaas word. Indien hy/sy aangehou word, moet dit vir die kortste moontlike tyd gedoen word. Die agtergrond van die jeugdige moet ondersoek word sodat dit kan help met besluitneming rakende die oortreder. Aanhouding in inrigtings moet vir die kortste moontlike tyd wees nadat alles in ag geneem is.

Die Afrika-manifes vir Menseregte van 1986 stel dit dat enige vorm van onmenslike en degradering of straf van oortreders verbied word. Volgens dié manifes moet die familie as die primêre ondersteuningstruktuur van kinders en jeugdiges bewaar en ontwikkel word. Die Afrika-manifes van 1990 oor die regte en welstand van kinders bepaal dat die

besluite wat oor beskuldigdes en gearresteerde jeugdiges geneem word, hervorming, herintegrering en sosiale rehabilitasie moet bevorder. Beide die manifeste van die Verenigde Nasies en Afrika maak melding van die betrokkenheid van verskillende stelsels by jeugdiges se hervorming en insluiting.

2.9 ONTWIKKELINGSPROGRAMME VIR JEUGDIGE OORTREDERS IN SUID-AFRIKA

Die ontwikkelingsprogramme vir jeugoortreders word al hoe meer ondersoek en daar is juis ’n hersiening van programme vir jeugdiges in Suid-Afrika gedoen. Volgens die verslag (Steyn, 2005) wat fokus op jeugdiges wat nog nie deur die strafproseswette gevonnis is, is daar ’n groter behoefte vandag as vroeër om jeugoortreders toepaslik te bestuur. Tydens die hersiening van die ontwikkelingsprogramme vir jeugdiges in Suid-Afrika was die kernvrae waar en wanneer intervensie moet plaasvind asook watter strategieë gevolg moet word. Die doelstellings vir die hersiening was om die benadering, strategieë en aktiwiteite van die programme te beskryf (Steyn et al., 2005). Die hersiening moes ook volgens Steyn (2005) identifiseer wat uniek was aan die programme sodat dit gedupliseer kan word.

Die teoretiese perspektiewe van die programme is met mekaar vergelyk asook hoe dit in die praktyk toegepas kan word. Daar is ook gekyk na temas en goeie praktyke wat gebruik word en die moniteringspraktyke is geassesseer. Die hersiening was ook daarop gemik om Suid-Afrika se beleid ten opsigte van riskante jeug asook bestaande internasionale tendense in die hantering van riskante jeugdiges te bespreek. Jeugoortredings moet binne ’n menseregte- en ontwikkelingsperspektief geplaas word (Steyn et al., 2005). Daar was reeds verskeie pogings om jeugoortreders te bestuur aangesien ouers dikwels nie geweet het wat met hulle kinders gebeur nie (Juvenile Justice for South Africa, 1994:2).

In Suid-Afrika het die programme vir jeugoortreders die afgelope dekade drasties toegeneem juis omdat die aantal jeugoortreders toegeneem het. Selfs die meer as twee en

dertig programme, inrigtings en dienste is nog nie genoeg om die las van jeugoortreders die hoof te bied nie (Steyn et al., 2005). Kinders en jeugdiges is spesifiek meer kwesbaar as die slagoffers en oortreders van misdaad. Misdaad en wangedrag bedreig die veiligheid en welstand van ’n gemeenskap. Volgens Brendtro et al. (2001) moet ontwikkelingsprogramme langtermyndoelwitte hê anders sal die leerders nie uit die siklus van herhalende wangedrag kom nie. Brendtro et al. sê verder dat hierdie jeugdiges veral ondersteun moet word in die vestiging van goeie interpersoonlike verhoudings en die ontwikkeling van ’n positiewe selfbeeld.

As voormalige opvoeder aan ’n jeugsentrum is ek daarvan bewus dat die assesseringsmodel wat in die jeugsorgsentrums in die Wes-Kaap gebruik word, gebaseer is op die opvoedingsfilosofie van die inheemse bevolking van Noord-Amerika. Hierdie filosofie beklemtoon vier universele behoeftes wat as die “Sirkel van Moed” bekend staan. Hierdie vier behoeftes sluit in ’n sin van behoort, van bemeestering, onafhanklikheid en van vrygewigheid. Die ideaal is dat daar vir die leerders ’n individuele ontwikkelingsprogram saamgestel word wat hulle moet voltooi voordat hulle die sentrum mag verlaat. Daar is verskeie werkswinkels by die sentrum, en leerders kan kies in watter vaardighede hulle onderrig wil word. Daar is werkswinkels vir kuns, bouwerk. houtwerk en sweiswerk. Daar is ook akademiese vakke soos lewensoriëntering, geletterdheid en syfervaardighede. Die buitemuurse aktiwiteite sluit sport, godsdiens en uitstappies in.

2.10 SUID-AFRIKAANSE WETGEWING EN OORTREDING

In Suid-Afrika is lyfstraf voorheen gebruik om dissipline in skole en gemeenskap te vestig. Vandag is lyfstraf in skole onwettig, soos beskryf in die Suid-Afrikaanse skolewet van 1996. Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (1996)" stel dit so: "Geen persoon sal lyfstraf by 'n onderwys inrigting gee of 'n leerder aan sielkundige of fisiese mishandeling onderwerp nie." In artikel 12 van die Suid-Afrikaanse Grondwet word dit duidelik gestel dat elke persoon die reg daarop het om nie op wrede, onmenslike of vernederende wyse behandel of gestraf te word nie.

Diegene wat tot op hede met riskante jeug gewerk het, is voorheen gekonfronteer met bestaande wetgewing wat nie voldoende was nie en volgens Steyn (2005) sluit hierdie wetgewing die volgende in: die Strafproseswet (51 van 1977), die Wet op Kindersorg (74 van 1983), en die Wet op Korrektiewe Dienste (8 van 1959). In November 1994 is die eerste dokument oor die bestuur van jeugoortreders in Suid-Afrika deur die Juvenile Justice Drafting Consultancy gepubliseer (Steyn, et al., 2005). Die Wetsontwerp op Kindergeregtigheid van Augustus 2002 het ten doel om die regte van kinders wat van misdaad verdink word of wat misdaad gepleeg het, te beskerm. Verder moet dit ook hulle vordering binne die kriminele justisiestelsel beskerm, maar teen 2004 was die Wetsontwerp nog nie aanvaar nie (Steyn, 2005).

2.11 UITDAGINGS IN DIE HANTERING VAN OORTREDERS

Sedert 1994 was die nuwe Suid-Afrika in die proses van maatskaplike, politieke, ekonomiese en onderwys transformasie wat ten doel gehad het om 'n gesonde samelewing te vestig (Lomofsky en Lazarus, 2001). Die sentrale regering het tydens die era van apartheid onderwys beheer en diskriminerende praktyke ingestel. Opvoedkundige inrigtings was volgens verskillende bevolkingsgroepe geskei en die besteding per leerder uit die verskillende bevolkingsgroepe was ongelyk (Du Toit, 1996). Volgens Steyn

(2005) het veranderinge in Suid-Afrika op maatskaplike, ekonomiese en politieke gebied ook veranderinge in die onderwys en die regstelsel ingelui.

Die hantering van jeugoortreders is bemoeilik deur verskillende struikelblokke soos onderwysstelsels wat versprei was tussen verskillende ministeries en departemente. Stelsels het nie op die jeug en hulle gesinne gefokus nie en gemeenskappe het min of geen rol gespeel in besluitnemings rakende jeugdige oortreders nie. Statutêre intervensies wat straf tot gevolg gehad het, het meer aandag as voorkoming en vroeë intervensies ontvang en dienste is afgeskeep in landelike gebiede (IMC 1996:13).

Tydens die beskikbaarstelling van misdaadstatistiek deur die Suid-Afrikaanse polisie is die boodskap beklemtoon dat die polisie die oorlog teen misdaad wen (Pelser, 2008). Die vraag wat met reg gevra kan word, is wie vir misdaadvoorkoming verantwoordelik en aanspreeklik is. Daar is egter verskillende verwysingsraamwerke wat deur die onderskeie departemente en rolspelers gebruik word, en gevolglik is daar verskillende benaderings ter ondersteuning aan jeugdige oortreders. Steyn et al (2005) verwys hierna as die gefragmenteerde dienste wat aan jeugdige oortreders gelewer word. Voorbeelde hiervan is die wyse waarop oortreders deur die onderskeie staatsdepartemente geklassifiseer word. Die Departement van Maatskaplike Dienste sal byvoorbeeld die jeugdige as disfunksioneel beskryf en in respons die jeugdige opneem en sy geval bestudeer. Die Departement van Korrektiewe Dienste klassifiseer die jeugdige as ’n misdadiger wat verhoor, gestraf en opgesluit moet word. Die Departement van Onderwys verwys na die jeugdige as ’n ongehoorsame wat geskors moet word (Brokenleg , 1990:19).

Weens ’n gebrek aan ’n geïntegreerde stelsel is dit moeilik om die jeugoortreder se beweging tussen die onderskeie departemente te kan uitstippel en volgens Pelser (2008) is daar ’n ontwikkeling en beleidsraamwerk nodig wat meer ruimte gee vir ’n geïntegreerde en voorkomingsbenadering tot misdaad in die toekoms. Ten spyte van die verskil in klassifisering, wil dit lyk asof oortreders altyd met meer as een departement te make het. ’n Onderhoud met ’n maatskaplike werker in 2005 (Swarts, 2005) het bevestig

dat jeugdiges in die Wes-Kaap wat by die Departement van Maatskaplike Dienste aangemeld word, heel dikwels ’n geskiedenis met die Departement van Justisie het.

2.12 ’N CHRONOLOGIESE PERSPEKTIEF OP BENADERINGS TOT OPVOEDKUNDIGE ONDERSTEUNING AAN RISKANTE JEUGDIGES

Binne die konteks van hierdie navorsing verwys ’n chronologiese perspektief na die studie van die ontwikkeling van die benaderings tot ondersteuning sedert die 1950’s. As navorser kyk ek na die verskillende rolspelers en hulle teoretiese bydraes tot opvoedkundige ondersteuning aan riskante jeugdiges. Vir die doel van die studie sal *riskante jeugdiges* verwys na jeugdiges wat in areas woon waar baie misdaad voorkom, sowel as gesinsgeweld, jeugdiges met ’n gesinsgeskiedenis van misdaad, jeugdiges met leerprobleme en jeugdiges met vorige rekords van misdaad (Pelser, 2008). Die literatuur dui op verskillende metodes en benaderings tot jeugsorgwerk, sowel as die kompleksiteit daarvan om die ideale rehabilitasieprogram vir oortreders saam te stel en te implementeer. Dit wat volg, is ’n oorsig van verskeie kreatiewe strategieë wat gevolg word in die hantering van riskante kinders en jeugdiges in Suid-Afrika en wêreldwyd.

Die kind is ’n aktiewe agent in sy/haar ontwikkeling en moet ook aktief betrokke wees by sy/haar eie ontwikkeling. Dit vereis aktiewe deelname in die oplos van probleme en kritiese denke. Die jeugdige is volgens Piaget (1953) kognitief in staat om abstrak te dink en betekenis te gee aan sy/haar sosiale en fisiese omgewing. Die kliniese sielkundige, Redl (1953) se benadering kan gelykgestel word aan ’n analise van die sielkundige omstandighede wat aanleiding gee tot die versterking van afwykende gedrag, of dit teenwerk. As kliniese sielkundige het Redl met riskante jeugdiges gewerk en het die lewensruimte (*life space*)-onderhoud ontwikkel. Volgens dié benadering kry jeugdiges geleentheid om te vertel wat hulle ontsteld maak oor bestaande interaksies, waarna ondersteuning beplan word wat aandag gee aan hoe met hulle gewerk word. Redl het reeds in 1951 beklemtoon dat riskante jeugdiges met behulp van onderhoude tot dieper insig in hul anti-sosiale gedrag gebring kan word. Long het in 1970 die “konfliksiklus”

ontwikkel ook vir gebruik in intervensies met riskante jeugdiges. Die gebruik van die "konfliksiklus" met die jeugdige stel laasgenoemde in staat om die verband te sien tussen sy/haar denke, emosies, gedrag en die reaksie van ander. Dié benadering maak dit moontlik om die anti-sosiale gedrag van die jeugdige die hoof te bied deur hom/haar met nuwe kennis en sosiale vaardighede te bemagtig.

Feuerstein (1979) het op die gebied van kognitiewe ontwikkeling bydraes gelewer wat ten doel het om die jeugdige met kognitiewe vaardighede te bemagtig sodat hy/sy krities kan dink en probleme oplos. Feuerstein wat 'n student was van Piaget is van mening dat enige persoon enige tyd van sy ontwikkeling veranderbaar is. Alhoewel baie van sy werk met Jerusalemse weeskinders uit die Tweede wêreld oorlog was, het dit toepassing op die riskante jeugdige deurdat hy bevind het dat dit moontlik is om enige leerder te kan ondersteun. Feuerstein was van mening dat enige persoon, behalwe in gevalle van erge biologiese afwyking, veranderbaar is op enige tydstip van sy/haar lewe (Feuerstein, 1995).

'n Belangrike verwikkeling tydens die hantering van jeugprobleme, is Brendtro, Long, Wood en Fecser (2000) se verdere ontwikkeling van die lewensruimte-onderhoud van Redl tot die "lewensruimte-krisisintervensie", ook bekend as die LSCI. In hulle voorwoord van die LSCI-uitgawe verduidelik hulle dat hulle "krisis" ingevoeg het omdat baie jeugdiges vandag in een of ander emosionele of sosiale krisis is. Hulle verduidelik verder dat die LSCI ontwikkel is omdat baie professionele persone betrokke by die ontwikkeling van riskante jeugdiges dit moeilik vind om riskante jeugdiges te ondersteun. Die skrywers maak daarop aanspraak dat LSCI 'n antwoord kan wees in die suksesvolle ondersteuning van jeugdiges met anti-sosiale gedrag. Volgens Brendtro et al. (2000) moet ontwikkelingsprogramme langtermyndoelwitte hê anders sal die leerders nie uit die siklus van herhalende wangedrag kom nie.

Edward De Bono (1996) het denkvaardighede ontwikkel wat hy as "denkgereedskap" beskryf het. Die leerder kan deur die denkgereedskap te gebruik krities dink en probleme

oplos. Hierdie “denkgereedskap” is aangevul deur disposisies wat in die Sleutels tot Denkvaardighede van die Uptrail-projek (1997) in Suid-Afrika ontwikkel is. In hierdie program word leerders bemagtig om probleme op te los. ’n Teoretiese raamwerk wat veral vandag gebruik word om leerders te ondersteun, is die ekosistemiese teorie wat as die basis vir onderwys ondersteuning en ontwikkeling dien (Donald et al., 2002). Volgens hierdie teorie moet die leerder in sy/haar sosiale opset ondersteun word. Bronfenbrenner (1979) het die ekologieteorie gebruik om kinderontwikkeling te bestudeer. Hy beklemtoon die rol van die verskillende stelsels in die ontwikkeling van die kind en hoe die interaksie tussen die kind en die stelsels soos die gesin en portuurgroep selfs ’n negatiewe invloed op die kind se ontwikkeling kan hê. Indien die leerder se ouers werkloos is, kan die kind byvoorbeeld nie die nodige hulpbronne bekom wat noodsaaklik is vir suksesvolle leer nie.

Volgens Donald et al. (2002) kan geen stelsel as minder belangrik as ’n ander geag word nie omdat daar ’n sikliese wisselwerking tussen stelsels bestaan. Jeugdiges word tydens interaksie met die stelsels gevorm en ontwikkel (Donald et al., 2002:54). Daar kan verskillende soorte interaksies waargeneem word tussen die jeugdige en die onderskeie sisteme waarin hy/sy fungeer. In die psigososiale ontwikkeling (Erikson,1968) van die leerder kan ons dikwels gedrag waarneem wat nie gepas is vir die leerder op ’n gegewe ouderdom nie. Die afleiding wat hier gemaak kan word, is dus dat jeugdiges gepaste gedrag moet openbaar en dat hulle besef dat hulle vir hulle dade verantwoordelik is en verantwoordelik gehou kan word.

Volgens Ginot (2001) is die uitdagings aan personeel wat riskante leerders opvoedkundig ondersteun baie kompleks omdat hierdie leerders reeds in formele onderwysinrigtings, soos skole, was. Hulle het ook in hulle ouerhuise grootgeword en selfs in die kerk waardes geleer, maar desondanks het hulle by misdaad betrokke geraak. Volgens Albert Bandura (1977) se sosiale leer-teorie word die individu aan verskillende faktore in sy omgewing blootgestel en boots hy die gedrag van ander mense na. McWirther et al. (2005) stel dit verder dat baie faktore wat na vore kom in die skoolomgewing,

simptomaties is van ander probleme, soos leerprobleme, emosionele probleme of moeilike huislike omstandighede.

Die jeugdiges wat by die jeugsentrum ingeskryf is en deel uitgemaak het van die studie, het met die gereg gebots en is deur die hof daarheen gevonnis (WKOD, 2000). Alhoewel die leerders by die jeugsentrums deur die Departement van Justisie daar geplaas is, bly die oortreders se opvoeding die Departement van Onderwys se verantwoordelikheid. Onderliggend tot die akademiese onderrig is dat hulle nie weer by misdaad betrokke raak nie.

Dit blyk verder dat daar ’n behoefte is aan ’n geïntegreerde benadering tot jeugontwikkeling in Suid-Afrika omdat hierdie jeugdiges ’n diverse groep is en uiteenlopende onderwysbehoeftes het. Bewustheid van wat byvoorbeeld samewerking is en hoe dit in verhouding tot intervensies staan, kan lei tot duidelike en effektiewe ondersteuning wanneer dit benodig word.

2.13 BENADERINGS TOT REHABILITASIE VAN DIE JEUGOORTREDER IN SUID-AFRIKA EN WÊRELDWYD

Die missie van die Wes-Kaapse Departement van Onderwys is om te verseker dat alle leerders die kennis, vaardighede en waardes verwerf wat hulle nodig het (WKOD, 2009). Volgens Pelser (2008) is enkele van die doelstellings van die Suid-Afrikaanse Jeugdiens om jeugdiges geleenthede te gee wat hulle nie deur formele onderwys kon kry nie en dat hulle gestruktureerde toegang tot werksgeleenthede moet kry. Daar is verskeie departemente betrokke by die rehabilitasie van oortreders. Die Wes-Kaapse Departement van Onderwys het reeds in 2005 besluit om die voortou te neem in die ontwikkeling, implementering en montering van die provinsie se menslikehulpbron-ontwikkelingstrategie. Die omvang van die taak vereis egter dat alle staatsdepartemente die strategie ondersteun en daartoe bydra (WKOD, 2009).

Die hantering van riskante kinders en jeugdiges word veral beïnvloed deur die Westerse benadering tot opvoeding. Volgens Brokenleg et al. (2000) is die inheemse bevolking van

Amerika se filosofie van kinderontwikkeling die doeltreffendste stelsel van positiewe dissipline wat nog ontwikkel is. Hulle voer aan dat die inheemse bevolking baie sielkundige wysheid gehad het wat aangepas kon word deur die immigrante en sendelinge. Die sendelinge was daarop uit om die onbeskaafdes beskaafd te maak omdat hulle geglo het dat die Westerse benadering tot kindersorg meerderwaardig was. Die kinders is uit hulle gesinne verwyder en in militêre skole geplaas waar hulle verbied was om hulle moedertaal te praat en hulle inheemse kultuur is doelbewus van hulle af weggeneem (Brokenleg et al., 2000).

Bronfenbrenner (1979) gee aan ons ’n ander perspektief ten opsigte van die rol wat die volwassene moet inneem in kinderontwikkeling. Volgens hom is dit nodig dat elke kind minstens een volwassene het wat gek is na hom/haar. ’n Volwassene wat omgee en persoonlike belangstelling in die kind toon, stel die kind in staat om moeilike omstandighede te kan hanteer (Garmezy, 1993 in Green et al., 2001:227; Garmezy & Rutter, 1988; Werner & Smith, 1982).

Die interaksie tussen die kind en ander stelsels, soos die gesin en skool, moet positief wees want volgens Apter (1982) is dit die ekosistemiese perspektief wat ons help om te sien hoe dinge moontlik verander, ontwikkel en herstel kan word. Indien ons die jeugdige se opvoedkundige behoeftes doeltreffend die hoof wil bied, moet ons op sekere stelsels meer konsentreer as op ander (Donald et al., 2002:54).

Die omgewing waarin die kind opgroei, moet gekenmerk word deur goeie interpersoonlike verhoudings. Dis bevorderlik dat die interaksie tussen die jeugdige oortreder en sy gesin en die gemeenskap positief is. Die jeugdige moet ervaar dat hy tot die gesin behoort en rolmodelle in die gemeenskap het wat navolgingswaardig is.

2.14 HERSTELLENDE GEREGTIGHEID TEENOOR VERGELDENDE GEREGTIGHEID

Die teorie rakende regstellende geregtigheid is gebaseer op die aanname dat die balans tussen regte en verantwoordelikhede tydens ’n oortreding versteur word en dat metodes gevind moet word om die balans te herstel (Child Justice Alliance, 2004a). Die sleutelbegrippe met betrekking tot regstellende geregtigheid is *konflikhantering*; *verantwoordbaarheid* en *aktiewe deelname* deur die oortreder en slagoffer tydens besluitnemingsprosesse (Umbreit 1994:2). Regstellende geregtigheid is ook gebaseer op die gedagte dat misdaad nadelige gevolge het vir die slagoffer, oortreder en die gemeenskap. Dit is nie die regering alleen wat sake moet hanteer nie, maar dit is ook die slagoffer, oortreder en die gemeenskap wat eienaarskap moet aanvaar in die regsprosesse en strafprosedures. Die rol van die regering is om wet en orde te handhaaf en dit is die gemeenskap wat vrede moet vestig (Suid-Afrikaanse Regskommissie, 1997a:6).

Tony Marshall (2000) beskryf herstellende geregtigheid as ’n probleemoplossende benadering tot die oplos van misdaad waarby die slagoffer, oortreder, staat en die gemeenskap betrokke is. Herstellende geregtigheid het ten doel om misdaad te herdefinieer. Dit beteken dat misdaad nie slegs gesien word as die oortreding van wette nie, maar dat ’n ander persoon en die gemeenskap leed aangedoen word (Suid-Afrikaanse Regskommissie, 1997a:6). Die gemeenskap kry ’n belangriker rol in die sin dat verseker word dat oortreders verantwoordelikheid aanvaar vir hulle wangedrag en dat hulle weer in die gemeenskap ingesluit word.

Die onderstaande tabel dui volgens Zehr (in Umbreit, 1994:3–4) die hoof verskille tussen Herstellende en Vergeldende geregtigheid :

VERGELDENDE GEREGTIGHEID	HERSTELLENDE GEREGTIGHEID
Misdaad word teen die staat gepleeg.	Misdaad is die oortreding deur een persoon teenoor ʼn ander.
Blaam word beklemtoon.	Die klem val op die oplos van die probleem.
Misdaadvoorkoming vind plaas d.m.v. straf.	Misdaadvoorkoming vind plaas deur herstelling en versoening.
Die slagoffer word hoofsaaklik geïgnoreer en die oortreder het ʼn passiewe rol tydens die hantering van die saak.	Die slagoffer se regte en behoeftes word erken en die oortreder word aangemoedig om verantwoordelikheid vir sy/haar dade te aanvaar.
Daar is min geleentheid vir vergifnis en berou.	Daar is moontlikhede vir vergifnis en berou.
Die stigma wat met die oortreding gepaardgaan, word nie verwyder nie.	Die stigma van die oortreding kan d.m.v. herstellende aksie verwyder word.

Uit bostaande tabel kan afgelei word dat beide die regte van die oortreder en slagoffer erken word, maar daar word veral klem geplaas op die aktiewe rol van die oortreder om aanspreeklikheid op so ʼn wyse te aanvaar dat hy/sy verantwoordelikheid neem om gerehabiliteer te word.

2.15 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk het ek ʼn literatuuroorsig gegee van die benaderings tot die rehabilitering van jeugoortreders. Ek het ondersoek ingestel na wat in Suid-Afrika en wêreldwyd ten opsigte van die rehabilitering van jong oortreders gedoen word. Die rehabilitering van jeugoortreders is kompleks omdat die aard van oortredings asook die opvoedkundige agtergrond van die jeugdiges verskil. Dit was nodig om ondersoek in te stel na wat alreeds gedoen is om jeugoortreders opvoedkundig te ondersteun. Die literatuuroorsig toon dat daar verskillende benaderings tans in Suid-Afrika en wêreldwyd

gevolg word. In Suid-Afrika is daar verskillende departemente by die rehabilitering van jeugdige oortreders betrokke en dit het ’n invloed op die kontinuïteit van opvoeding wat aan jeugdiges verskaf kan word, veral as hulle tussen departemente pendel. Tans wil dit lyk asof opvoedkundige ondersteuning in isolasie en gefragmenteerd in verskillende inrigtings plaasvind. In hoofstuk drie word die navorsingsontwerp van die studie uiteengesit.

HOOFSTUK DRIE

NAVORSINGSONTWERP EN METODOLOGIE

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die metodes en proses van data-insameling uiteengesit en bespreek. Die verskillende stappe wat gebruik word vir die insameling van data en die kontekste waarbinne dit gedoen word, sal in die hoofstuk uiteengesit word. Volgens Durrheim (1999:29) kan die navorsingsontwerp beskryf word as die strategiese raamwerk vir aksie wat ’n brug vorm tussen die navorsingsvraag en die uitvoering van die navorsing. In hierdie hoofstuk sal ’n beskrywing van die navorsing gegee word en die motivering vir die besluit om kwalitatiewe navorsing te doen, word verskaf. Die proses van data-analise word ook beskryf, o.a. hoe om data te verminder, en hoe die data vir hierdie studie gekodeer en gekategoriseer is. Dit is prosesse wat die navorser in staat stel om voorlopige gevolgtrekkings te maak.

3.2 NAVORSINGSONTWERP

Die navorsingsontwerp rig die navorsing en verseker dat die nodige stappe gevolg word om sodoende die geldigheid van die studie maksimaal te verhoog (Tredoux, 1999:312). Volgens Bless en Higson-Smith (1995:63) behels die navorsingsontwerp die beplanning van die navorsing van begin tot die einde. Die navorsingsontwerp verwys ook na die integrering van die onderskeie komponente van die navorsing sodat daar struktuur is wanneer die navorsingsvrae beantwoord word (Trochim en Land, 1982). Daar is op ’n kwalitatiewe ontwerp besluit omdat die doel van die navorsing is om die jeugdiges die geleentheid te gee om hul ervaring in die jeugsentrum te verwoord om sodoende ’n beter begrip te ontwikkel van hoe hulle die jeugsentrum ervaar en daaroor dink en voel

(Denzin, 1978b:10). Volgens Patton (2002) moet die kwalitatiewe navorser die raamwerk skep waarbinne mense hulle standpunte oor die wêreld om hulle kan gee. In hierdie geval sal die jeugdiges byvoorbeeld hulle ondervinding van opvoedkundige programme deel. Kwalitatiewe navorsing stel ons in staat om die sosiale konteks van die jeugoortreder te verstaan, en volgens Babbie en Mouton (2001) word daar met kwalitatiewe navorsing gepoog om menslike optrede vanuit die ingewyde se perspektief te ondersoek.

Volgens Durrheim (1999) moet die doel van die navorsing, die navorsingsparadigma, die agtergrond waarteen die navorsing plaasvind en die navorsingstegnieke logies in samehang in die navorsingsontwerp inpas. Diepte-onderhoude stel ons in staat om die persepsies, gevoelens en kennis van mense te ondersoek en te verstaan (Patton, 2002). Ek het besluit om interpretatief met die data wat ek deur middel van diepte-onderhoude sou verkry, te werk. Tydens die navorsing was ek voltyds as ’n onderwyser betrokke by die jeugsentrum, en wek as verantwoordelik vir die aanbied van Lewensoriëntering aan die jeugdiges. Volgens Patton (1999) moet die navorser geloofwaardigheid hê veral met betrekking tot opleiding en ondervinding.

3.3 NAVORSINGSPARADIGMA

Die navorsingsparadigma het ’n invloed op dit wat nagevors gaan word en die wyse waarop die navorsing gedoen gaan word. Dit bied die perspektief vir die navorsing en verbind die navorser tot ’n spesifieke metodologie, metodes en interpretasies (Durrheim, 1999). In die interpretivistiese paradigma is die doel van menslike wetenskap om mense te verstaan (Babbie & Mouton, 2001:28). In hierdie navorsing is gepoog om mense se gevoelens en ervarings te beskryf en te interpreteer in plaas daarvan om dit te kwantifiseer en te meet. Interpretivistiese navorsers poog om sin te maak van die gevoelens, ervarings en sosiale situasies soos dit in die werklike lewe voorkom (Terre Blance & Kelly, 1999).

3.4 DIE NAVORSINGSPOPULASIE EN OMGEWING WAAR DIE NAVORSING PLAASVIND

Die navorsingspopulasie vir die navorsing was vier manlike jeugdiges wat by ʼn Wes-Kaapse jeugsentrum ingeskryf was. Volgens Patton (2002) is daar geen reëls in kwalitatiewe navorsing wanneer dit by die grootte van die steekproef kom nie. Die grootte van die steekproef sal volgens Patton (2002) afhang van die doel van die navorsing. Een goeie voorbeeld van die grootte van die steekproef wat Patton (2002) gebruik om sy argument te staaf is Piaget wat slegs sy twee kinders gebruik het om te verduidelik hoe kinders kognitief ontwikkel en dink. Waitzkin en Britt (1993 het ʼn deeglike interpretatiewe analise gedoen van vyftig uit drie honderd ses en dertig onderhoude. Morse (1994) voer aan dat daar tot ses deelnemers in ʼn studie moet wees wanneer hulle ervarings verstaan moet word.

Die doel van die studie was om inligting in te samel wat relevant is vir die onderwerp van die studie en volgens Patton (1981) is dit die rykheid van die inligting wat ingesamel word wat belangrik is eerder as die aantal deelnemers aan die studie. Verder beklemtoon Merriam & Genote (2002) dat persone wat gekies word om deel te wees van die navorsing, persone moet wees by wie die meeste inligting bekom kan word. Hierdie studie het plaasgevind by die jeugsentrum waarheen die jeugdiges gevonnis is. Hierdie jeugsentrum is voorheen as ʼn verbeteringskool gebruik (WKOD, 2001).

Daar was wel kriteria vir die seleksie van die spesifieke jeugdiges omdat daar in daardie stadium meer as ʼn honderd jeugdiges by die sentrum aangehou is. Hierdie jeugdiges was reeds vir meer as ʼn jaar lank leerders by die sentrum en het verskillende programme voltooi. Hulle was almal skuldig bevind aan misdaad en is deur die hof na die sentrum gevonnis. Volgens Ryan en Bernard [s.j.] kan ʼn navorser kies tussen ʼn doelgerigte steekproef of ʼn ewekansige steekproef. Vir die doel van die navorsing is ʼn doelgerigte steekproef gebruik en is slegs vier jeugdiges geselekteer om deelnemers aan die studie te

wees. Daar is onderhandel en toestemming is deur die jeugdiges verleen dat ek die onderhoude op oudioband kon opneem. Aangesien ek ten tye van die studie ’n onderwyser by die sentrum was, is die onderhoude in my kantoor in die koshuis afgeneem.

3.5 METODES VAN DATA-INSAMELING

Volgens Miles en Huberman (1994:1) is kwalitatiewe data ’n ryk bron van inligting en kan dit ryke beskrywings en verduideliking van prosesse in identifiseerbare kontekste verskaf. Vir die doel van hierdie navorsing het ek gebruik gemaak van diepte-onderhoudvoering. Deur gebruik te maak van verskillende metodes van data-insameling kan ’n beter begrip van ’n fenomeen verkry word (Denzin, 1997). Die data wat deur middel van onderhoude ingesamel is, is daarna volgens temas geanaliseer (Krippendorf, 1980). Tydens die analise van data word na spesifieke woorde wat herhaal, gesoek (Agar en Hobbs, 1985). Daar word deurgaans na sleutelwoorde in die teks gesoek wat ’n aanduiding is van hoe mense dink (Spradley, 1979). Ek het gebruik gemaak van ’n onderhoudsgids en het spesifieke vrae in ’n bepaalde volgorde gevra. Vir hierdie studie was onderhoudsvoering die primêre metode van data-insameling. Daar is vier vorme van triangulasie wat bydra tot die verifiëring en geloofwaardigheid van kwalitatiewe analise.Volgens Patton (2002) sluit dit die triangulasie van metodes, bronne , analise en teorie in.

In hierdie studie het ek van onderhoudvoering as primêre metode van data-insameling gebruik gemaak, met waarneming as sekondêre metode. Volgens Patton (2002) help ’n verskeidenheid data-insamelingmetodes soos onderhoude, waarneming en dokumentasie-analise om die data meer betroubaarheid en geloofwaardigheid te gee. Daar is egter ’n verskeidenheid persone soos jeugdiges, maatskaplike werkers en onderwysers by die studiepopulasie ingesluit wat triangulasie van bronne moontlik gemaak het en gevolglik tot minder skeptisisme sou lei as wanneer slegs een perspektief van een persoon gegee sou word (Patton, 2002).

3.5.1 ONDERHOUDE

Volgens Babbie en Mouton (2001) is ’n kwalitatiewe onderhoud hoofsaaklik ’n gesprek tussen die onderhoudvoerder en respondent waartydens die onderhoudvoerder ’n algemene rigting vir die gesprek gee en opvolg wat die respondent opper.

Daar is volgens Kvale en Flick (1994), wat onderhoudvoering gebruik, teenkanting teen kwalitatiewe navorsing omdat dit nie wetenskaplik, objektief, geloofwaardig en betroubaar is nie. Fontana en Frey (2000) voer aan dat onderhoude aan die navorser die geleentheid bied om iemand anders se wêreld te betree. Dit is een van die wyses waarop ons probeer om ons medemens te verstaan. Onderhoude is interaksies tussen twee of meer mense wat resultate tot gevolg het wat kontekstueel is en waaroor onderhandel word.

Tydens die analiseproses het ek gebruik gemaak van die onderhoud om ’n nuwe perspektief te ontwikkel (Kvale en Flick, 1994). Volgens Strauss (1987) kan kwalitatiewe metodes van data-insameling die geleentheid bied om selfs gevoelens en gedagtegange in detail te bekom.

Tydens onderhoudvoering in hierdie navorsing is oop vrae gestel wat vir die navorser die geleentheid gegee het om ander mense se standpunte te kry sonder om vooraf die standpunte vas te stel deur kategories gerigte vrae (Patton, 2002). Volgens Patton gee direkte aanhalings ’n bron van inligting oor deelnemers se emosies, gedagtes, ervarings en hoe hulle die wêreld sien.

Reeds tydens die onderhoud kon temas geïdentifiseer word, want volgens Ryan en Bernard [s.j.] word temas voor, tydens en na data insameling geïdentifiseer. Vir die studie is daar van ’n onderhoudsgids gebruik maak om die gesprek te rig. Die onderhoudsgids

bestaan uit vrae waaroor vooraf besluit is omdat ek as navorser spesifieke inligting van alle deelnemers wou bekom (Merriam, 2002).

Die waarde van die onderhoud as metode lê daarin dat dit die navorser die geleentheid bied om te leer van dinge wat nie direk waarneembaar is nie en dit sluit gevoelens, gedagtes en bedoelinge in asook hoe mense hulle wêreld organiseer en die betekenis wat hulle heg aan dit wat in die wêreld gebeur (Patton, 1987). Die literatuurstudie het aan my riglyne verskaf oor moontlike temas wat in die onderhoud ondersoek sou word.

Die onderhoude in hierdie navorsing is met die deelnemers se toestemming op band opgeneem en ek sou die transkripsies doen voor die analisering van die data. Volgens Silverman (2000) versterk die transkripsie van die bandopname die analisering van die data. Tydens die onderhoude het die jeugdiges hulle ervaring van die jeugsentrum verwoord en hul gevoelens en perspektiewe binne die opset van die jeugsentrum gedeel. Ek het ook die onderwysroete van die jeugdiges gedokumenteer in die vorm van ’n geheuekaart sodat ek beter insig kon kry oor die opvoedkundige ondersteuning wat die jeugdige alreeds gehad het. Die jeugdige sou vertel van al die inrigtings waar hy alreeds was, deur te vertel waar hy begin skoolgaan het tot by die inrigting waar hy die laaste was.

3.6 DATA-ANALISE EN INTERPRETASIE

Volgens Stake (1995:71) is daar nie ’n spesifieke oomblik wanneer die navorser wat binne kwalitatiewe navorsing werk, met data-analise moet begin nie want ons begin reeds data analiseer wanneer ons besluit wat ons wil uitvind deur ons te beperk tot ’n spesifieke onderwerp en navorsingsvrae. Merriam (2002) is verder van mening data-analise en data-insameling gelyktydig begin deurdat ons alreeds met die eerste onderhoud begin om data te analiseer.

Data-analise behels die proses om die data in kleiner dele op te breek, en dit later weer anders saam te voeg om ’n geheelbeeld te kry (Creswell, 1994:154). Die vermindering van data vergemaklik die organisering van die data en laat die navorser fokus op tersaaklike inligting, en tydens interpretatiewe analise is die beginsel om so na moontlik aan die navorsingsmateriaal te bly en dit vanuit ’n posisie van empatiese begrip te interpreteer (Terre Blance & Kelly, 1999). Tydens interpretatiewe studies is die proses van data-insameling van so aard dat die navorser reeds in hierdie fase begin om teorieë te vorm oor die fenomeen wat bestudeer word. Die navorser het dus insig in die materiaal voordat die analise daarvan begin.

Van die eerste stappe in data-analise is om die transkripsies en veldnotas te bestudeer deur dit herhaaldelik te lees en aantekeninge te maak. Die doel is om te weet wat in die tekste staan en waar dit in die tekste voorkom (Terre Blance & Kelly, 1999; Bryman & Burgess, 1994). Volgens Kvale en Flick (1994) is daar verskillende vorme van data-analise en dit is belangrik om die onderhoud vanuit ’n teoretiese agtergrond te interpreteer.

Oop kodering is volgens Patton (2002) die analitiese proses waartydens konsepte in die data identifiseer word. Aksiale kodering vind ná oop kodering plaas en tydens hierdie proses word inligting op nuwe wyses saamgevoeg (Patton, 2002). Die doel van kodering is volgens Strauss en Corbin (1990) om data te konseptualiseer en te integreer sodat teorie gevorm kan word. Volgens hulle kry navorsers meer vertroue in hulle bevindinge wanneer hulle teorie in data wat deur ’n stelselmatige ondersoek verkry en geïnterpreteer is, gegrond is.

Die data wat verkry word, moet volgens Strauss en Corbin (1990) op ’n nie-wiskundige wyse geïnterpreteer word met die oog daarop om nuwe konsepte te ontdek en dit te organiseer. Volgens Ryan en Bernard (2000) is daar verskillende soorte tekste in die sosiale tradisie, naamlik woorde, frases en reaksies op oop vrae. Die teks wat in hierdie

navorsing met die oog op analise gebruik is, was transkripsies van onderhoude wat op oudioband opgeneem is.

Die tegnieke vir die analisering van hierdie data is gedagtevloeidiagramme, tabelle en geheuekaarte. Volgens Ryan en Bernard (2000) is daar verskillende vorme van data-analise. Daar is voordele en nadele aan elkeen verbonde en die doel met die analise is om die data te verken deur data te vergelyk en uit te brei. In die eerste fase van analise het ek die onverwerkte data geneem en na aanleiding van die vrae sleutelwoorde uit die antwoorde van die jeugdiges gehaal. Na aanleiding van die antwoorde van die jeugdiges kon ek hulle onderwysroetes in die vorm van ’n geheuekaart aandui. Ek het verder gegaan om betekenisvolle woorde, frases en sinne uit die transkripsies van die onderhoude te selekteer en die persone se antwoorde met mekaar te vergelyk. Kvale en Flick (1994) beklemtoon dat die transkripsie van data ’n interpreteringsproses is waartydens die verskil tussen die mondelinge en skriftelike tekste ’n reeks nuwe betekenisse tot gevolg het.

Terwyl ek die antwoorde van die jeugdiges gelees het, het ek na patrone wat oor die data heen voorkom, gekyk. Hierdie patrone sou kodes oplewer wat verfyn en aangepas sou word (Merriam, 2002). Volgens Ryan en Bernard (2000) is kodering ’n metode om data te verminder tot temas. Die teorie wat uit die data na vore kom, moes my insig en begrip van die jeugdige se wêreld verbeter. Dit is dus nodig, soos Strauss en Corbin (1990) dit verduidelik, dat die navorser nie vooropgestelde teorieë sal hê by die aanvang van die navorsing nie, maar ’n nuwe teoretiese raamwerk moet op die nuwe data wat ingesamel word, gebaseer wees.

Volgens Patton (1990) betrek kwalitatiewe navorsing beide kreatiewe en kritiese denke en daarom kan data-analise beskou word as beide ’n wetenskap en kunsaangeleentheid. Patton (1990) verduidelik verder dat kreatiewe denke bevorder kan word deur verskeie opsies te oorweeg en beter te verken wanneer dit by besluitnemings tydens die navorsing

kom. Hy moedig ook navorsers aan om met vertroue en met vars en nuwe gedagtes die navorsingtaak uit te voer en dit terselfdertyd te geniet.

3.7 ETIESE OORWEGINGS

Die subjekte vir die studie was mense en dit was die verantwoordelikheid van die navorser om te verseker hulle nie skade berokken sou word nie (Fontana & Frei, 2000). Volgens Babbie en Mouton (2001) kan die deelnemers beskerm word deur die beskerming van hulle identiteit. Ek het om daardie rede van skuilname gebruik gemaak en alle inligting as vertroulik bestempel. Die deelnemers het almal vrywillig deelgeneem nadat ek aan hulle verduidelik het dat deelname opsioneel is. Een van hulle was aanvanklik agterdogtig omdat hy gedink het die gesprek hou verband met ’n kriminele saak waarby hy betrokke was. Alle deelnemers is voorheen skuldig bevind aan misdaad en omdat die navorsing plaasgevind het terwyl hulle in aanhouding was, was dit moeilik om hulle vertroue onmiddellik te wen. Die feit dat ek elkeen persoonlik geken het en ons ’n vertrouensverhouding gehad het, het dit vir my makliker gemaak om eerlike antwoorde en kommentaar te kry. Volgens Lincoln (1995) is die geldigheid van die navorsing afhanklik van die etiese oorwegings en verhoudings wat die navorser met die navorsingspopulasie het. Merriam (2002) beklemtoon verder dat die verhouding tussen die navorser en die studiepopulasie asook die doel van die navorsing sal bepaal hoeveel inligting oor die studie bekend gemaak sal word. Ek was te alle tye bewus van my posisie en die mag wat ek as onderwyser in die opset het. Ek moes dus altyd waaksaam wees dat ek nie misbruik daarvan nie.

3.8 GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID

Lincoln en Guba (1985) voer aan dat die geloofwaardigheid van ’n navorsingsprojek afhang van die geldigheid en betroubaarheid daarvan. Volgens Mishler (2000) vervang geloofwaardigheid juis die terme *geldigheid* en *betroubaarheid*, en Johnson (1997) sluit hierby aan deur te beklemtoon dat geloofwaardigheid verdedig kan word en dat dit vir

ons vertroue in die bevindinge gee. In hierdie navorsing het ek van verskillende vorme van triangulasie gebruik gemaak om sodoende die betroubaarheid en geldigheid van die bevindinge te verhoog. Indien hierdie studie by ’n ander jeugsentrum herhaal sou word, is my verwagting dat dit dieselfde bevindinge sou oplewer omdat die metodes wat ek gebruik het, betroubaar was. Die doel van die navorsing was om die jeugdige oortreder te verstaan en daarom was dit nodig om aktief deel te neem aan die navorsing en ’n positiewe rol te speel (Winter, 2000). Volgens Patton (2001) is dit die navorser wat verseker dat daar geloofwaardigheid in die navorsing is, en my ervaring as onderwyser by die jeugsentrum het my in staat gestel om met behulp van hierdie navorsing ’n positiewe bydrae ten opsigte van geloofwaardigheid te maak.

Binne ’n konstruktivistiese paradigma word kennis sosiaal gekonstrueer en hierdie proses help ons om dinge dieper te verstaan (Johnson, 1995). Tydens die navorsing was elke deelnemer se bydrae waardevol, want elkeen het ’n perspektief gegee van hoe hy of sy werklik die wêreld om hom of haar ervaar. Stenbacka (2000) beskryf betroubaarheid as een van die eienskappe van kwalitatiewe navorsing, en volgens Lincoln en Guba (1985) kan daar geen geldigheid sonder betroubaarheid wees nie.

3.9 SAMEVATTING

In die hoofstuk het ek ’n uiteensetting gegee van hoe data-insameling en die verwerking daarvan plaasgevind het. Volgens Merriam (2002) vind data-insameling en analise gelyktydig plaas en reeds tydens die eerste onderhoud kan temas en kategorieë geïdentifiseer word. Die geldigheid en betroubaarheid van navorsing is afhanklik van etiese oorwegings en die verhouding tussen die navorser en die studiepopulasie sowel as die onderskeie metodes wat gebruik word om die data in te samel en te verwerk.

HOOFSTUK 4

DIE VOORLEGGING EN ANALISE VAN DIE DATA

4.1 INLEIDING

Die doel van hierdie navorsing was om ’n ondersoek te loods oor leerders se belewenis van opvoedkundige programme wat in jeugsorgsentrums aangebied word. Die doel was ook om vas te stel wat die leerders se onderwysbehoeftes is. Die navorsingsvrae wat hierdie studie gerig het, was die onderstaande:

1. Wat is die leerders in jeugsorgsentrums se opvoedkundige behoeftes?
2. Waarom raak hulle weer by misdaad betrokke nadat hulle die ontwikkelingsprogramme van die jeugsorgsentrum voltooi het?
3. Watter alternatiewe ondersteuning moet volgens leerders deur jeugsorgsentrums aan hulle gegee word?

Data is met behulp van onderhoude, waarnemings en ondersteunende dokumentasie bekom. In hierdie hoofstuk verskaf ek die data asook ’n beskrywing van die toegangsproses, data-insameling, analise en die interpretering van die data.

4.2 TOEGANG TOT DIE DEELNEMERS EN VOORBEREIDING VIR DIE STUDIE

Die deelnemers aan die studie is individueel deur my genader en die besluit het by hulle berus of hulle wou deelneem aan die studie, al dan nie. Die nodige ingeligte toestemming vir deelname is van ouers en voogde verkry. Aanvanklik moes ek aan elke deelnemer die begrip *navorsing* verduidelik omdat hulle nie daarmee bekend was nie. Party het gedink dit is ’n ondervragingsessie, soos wat hulle met speurders en polisiebeamptes deurgemaak het. Gegee hulle omstandighede was dit te verstane, en ek moes hulle elkeen

gerusstel dat die navorsing onafhanklik van hulle vonnis was en dat ek nie daardeur skade wou berokken nie. Gegee hulle brose konteks was vertroue en privaatheid belangrik en hul spontane deelname aan die onderhoude ’n vereiste. Die onderhoude is in my kantoor in die koshuis gevoer. Om privaatheid te verseker is onderhoude met elke deelnemer afsonderlik in my kantoor gevoer. Daar is vooraf reëlings getref dat die onderhoudproses sonder onderbreking of steurnis kon geskied. Aangesien die onderhoude op band opgeneem is, het dit die proses van transkripsie verbeter en die outentiekheid van die data verseker.

4.3 VOORLEGGING VAN DIE DATA

Die inligting verkry vanuit die transkripsies is gekodeer, waarna kategorieë in tabelvorm aangedui is. Die data is na aanleiding van die navorsingsvrae gegroepeer en toe geanaliseer. Aanvanklik is elke persoon se data apart gekodeer aangesien die proses induktief benader is sodat ontdekkings gemaak kon word. Daarna was die proses beide induktief en deduktief sodat data ook geverifieer kon word met inagneming van ander deelnemers se response. Die antwoorde op twee van die navorsingsvrae is aan die einde teenoor mekaar gestel ten einde die verband en ooreenkoms tussen die antwoorde uit te lig. Die drie navorsingsvrae bevat sleutelaspekte soos die opvoedkundige behoeftes van die jeugdiges, alternatiewe programme volgens die jeugdiges, asook die redes waarom die jeugdiges misdaad herhaal.

4.4 DIE DEELNEMERS

Daar was vier deelnemers aan die studie en hulle was uit uiteenlopende agtergronde afkomstig. Alhoewel die misdaad waarby die jeugdiges betrokke was, nie tydens die studie bespreek is nie, is dit as konteks vir die studie gestel aangesien hulle deelname aan diefstal hulle by die spesiale jeugsentrum laat beland het. Hulle vonnis na die spesiale jeugsentrum was ’n besluit wat op grond van aanbeveling van die maatskaplike werker,

ouer, staatsaanklaer en landdros geneem is. Die jeugdiges is tot aanhouding in die spesiale jeugsentrum in plaas van die gevangenis gevonnis. Die vier jeugdiges se biografiese inligting word in tabel 4.1 verskaf waarna die opvoedkundige pad wat hulle tot dusver geloop het, aangedui word.

TABEL 4.1 DEMOGRAFIESE INLIGTING

Deelnemer	Ouderdom	Graad	Omgewing
Louis*	17	7	Bredasdorp
Pieter	18	9	Paarl
Attie	17	5	Oudshoorn
Andries	17	3	Vredenburg

*Skuilname is gebruik.

Louis, Attie en Andries was almal 17 jaar oud, en Pieter was 18 jaar oud. Hulle was almal uit die Wes-Kaap afkomstig. In die derde kolom van die tabel word die graad waarin die leerders op daardie stadium was, aangedui. Die ouderdom van die jeugdiges en die graad waarin hulle is, dui op hulle agterstand ten opsigte van skolastiese vordering. Andries was reeds sewentien jaar oud, maar in graad drie, terwyl Attie in graad 5 was. Pieter kon nog nie graad 9 slaag nie omdat daar nog nie ’n jaar was waarin hy ononderbroke skool bygewoon het nie.

4.5 NASPORING VAN DIE JEUGDIGES SE ONDERWYSROETE

As vertrekpunt is die opvoedkundige pad van elk van die vier jeugdiges uiteengesit sodat ’n beter aanduiding gegee kon word van die onderskeie instansies waarin die jeugdiges al opgeneem is of waar hulle tyd deurgebring het. Onderstaande grafiese voorstelling skets die jeugdiges se onderwysgeskiedenis. Dit verskaf inligting rakende die inrigtings waar die jeugdiges geskool was. Die voorstelling dui aan in watter inrigting hulle was en watter departemente betrokke was by die opvoeding van die jeugdiges.



Grafiese voorstelling 1

Uit bostaande data is dit duidelik dat die jeugdiges in verskeie soorte inrigtings wat onder verskillende departemente resorteer, geplaas was. Die onderwys wat in die onderskeie departemente aangebied word, is verskillend. Die jeugdiges het dus vanuit verskillende

perspektiewe en teoretiese agtergronde onderrig ontvang. Uit die data blyk dit dat die jeugdiges baie kere tussen inrigtings oorgeplaas is, asook meer as een keer in dieselfde departement deurgebring het. Louis en Pieter was op daardie stadium al in nege inrigtings, Attie in sewe en Andries in vyf. Ten einde sin te maak van die deelnemers se onderwysgeskiedenis het ek bostaande grafiese voorstelling saamgestel om aan te toon aan hoeveel departemente en skole hierdie jeugdiges tot op daardie stadium blootgestel is. Gegee hulle jeugdige ouderdom was dit opvallend by hoeveel inrigtings die jeugdiges alreeds opgeneem was.

4.6 OUERBETROKKENHEID EN MISDAAD IN DIE GESIN

Ten einde vas te stel uit watter soort gesinne die deelnemers afkomstig was en watter soort ouerbetrokkenheid daar in hulle lewens was, het ek die vier jeugdiges uitgevra oor hulle gesinne. Drie van die vier jeugdiges wat uit enkelouer-gesinne afkomstig. Uit die data het geblyk dat van die jeugdiges sonder ’n vader grootgeword het en ook geen kontak met hulle vaders gehad het nie. Hulle het vertel dat hulle pa’s baie vroeg uit hulle lewe weg is en geen rol in hulle opvoeding gespeel het nie. Al vier het hulle moeders as enigste dissiplineerder in die huis beleef.

Ten einde vas te stel of hul gesinstruktuur en blootstelling aan misdade in die gesin dalk ’n rol kon gespeel het by hulle betrokkenheid by misdaad, is hulle daarna gevra. Al vier die deelnemers het vroeë blootstelling aan misdaad gehad. In reaksie op die vraag of hulle familielede het wat al met die gereg gebots het, het almal bevestigend geantwoord. Alle deelnemers het ’n familielid gehad, almal manlike lede, wat al by misdaad betrokke was, soos in die onderstaande tabel gesien kan word. In die meeste gevalle was dit ook ouer persone in hulle familie wat betrokke was by misdaad.

TABEL 4.2: FAMILIEBETROKKENHEID BY MISDAAD		
NAAM	MISDAAD	WIE BETROKKE
Louis	Ja	Pa
Pieter	Ja	Twee neefs
Attie	Ja	Pa
Andries	Ja	Neef

4.7 OPVOEDKUNDIGE BEHOEFTES

Een van die hooftemas wat in die studie ondersoek is, het betrekking gehad op opvoedkundige behoeftes. Tabel 4.3 bevat die data wat georganiseer is op grond van behoeftes wat die vier jeugdiges uitgespreek het aangaande dit wat hulle as behoeftes gesien het en sou wou aanleer terwyl hulle aan die program deelneem. Die behoeftes kon in drie subkategorieë ingedeel word, naamlik vaardighede, skolasties en fisies.

TABEL 4.3: OPVOEDKUNDIGE BEHOEFTES		
KATEGORIE	BEHOEFTES	VERWYSING
Vaardighede	Sweis	Louis
	Beroepsgerig	Louis
	Om met jou hande te werk	Andries
	Houtwerk	Pieter
	Met gas werk	Pieter
	Om dieper te dink	Louis
	Om te lees en skryf	Andries

Skolasties	Besprekings oor vigs	Louis
Fisies	Om sport te beoefen- Rugby en sokker speel	Attie
	Rugby te speel by SA se toernooie	Pieter
	Rugby speel, sokker	Pieter

Tabel 4.3 verskaf data ten opsigte van die opvoedkundige behoeftes van die jeugdiges. Die kurrikulum wat by die jeugsentrum gevolg word, kan as vloeibaar beskryf word. Anders as in die formele skool is daar by die jeugsentrum nie vasgestelde leerinhoude of vlakke waarvoor die jeugdiges ingeskryf is nie. Hulle program sal gewoonlik sport en tegniese vaardighede soos sweiswerk, bouwerk en houtwerk insluit. As deel van hul program ontvang hulle ook taalonderrig en wiskunde, maar daar word geen formele eksamen in die vakke afgelê nie. Die leerders kan op enige tyd by enige klasgroep aansluit sonder dat voorafkennis of ’n skoolrapport vereis word.

Dalk, omdat die primêre fokus by die jeugsentrum nie op akademiese werk geplaas word nie, was die subjekte se behoefte eerstens die aanleer van vaardighede. Daar is verskillende vaardighede wat die jeugdiges wil aanleer, onder andere sweiswerk, houtwerk en om met gas te werk. Hierdie is almal vaardighede wat hulle in staat kan stel om tot die arbeidsmark toe te tree.

Voorts het hulle ook ’n behoefte aan lees- en skryfvaardighede uitgespreek. Die ouderdom van die jeugdiges en die graad waarin hulle is dui op ’n agterstand ten opsigte van skolastiese vordering. Geeneen was in ’n graad wat met hulle ouderdomme ooreengestem het nie. Louis het hom op 17-jarige ouderdom in graad 7 bevind. Andries, ook sewentien jaar oud, was in graad drie. Andries se behoefte was om te “leer lees en skryf”, en hy wou graag weer teruggaan skool toe. Andries wou ook leer om met sy “hande te kan werk” en Louis wou leer “om dieper te dink”. Uit die onderhoude was dit

duidelik dat daar ’n behoefte by die deelnemers bestaan om geletterdheidsvaardighede asook beroepsvaardighede te bekom. Naas die vaardighede wat met toekomstige beroepe en verryking te make het, het sommige ook hulle fisiese behoeftes geïdentifiseer, wat in die derde vlak ingesluit is. Rugby blyk die belangstelling te wees wat almal deel.

4.8 VOORBEREIDING VIR INSKAKELING BY DIE SAMELEWING

Uit hulle response was daar ook ’n behoefte aan verbetering van die self ten einde inskakeling by die samelewing te laat geskied, en ’n wegbeweeg van “verkeerde” optredes. Die onderstaande tabel bevat data wat uit die onderhoude voortgespruit het.

TABEL 4.4: OPVOEDKUNDIGE BEHOEFTES VIR INSKAKELING

KATEGORIE		VERWYSING
Weerbaarheid teen portuurdruk Dwelms	Ek wil wegbly van verkeerde vriende af	Pieter/164
	om nee te kan sê	Pieter/166,
	om verkeerde gedagtes te los	Pieter/172
	Ek wil leer om beter die lewe te behandel om met onderwysers feite te praat	Attie/256 Attie/255
	om dagga te los	Attie/310
Morele ontwikkeling	om nie meer nonsens aan te vang nie	Andries/130

Hierdie deelnemers wou ook graag aan hulle samelewing iets teruggee deur hulle ondervindinge met ander te deel, sodat daar waardevolle lesse geleer kan word. Hulle wou saamwerk met, onder andere, onderwysers. So, byvoorbeeld, het beide Louis en Andries aangedui dat hulle meer met onderwysers wil praat, onder andere oor hulle probleme, maar dat hulle ook wou deelneem aan groepsessies waar emosionele ondersteuning beskikbaar is. My waarneming tydens die onderhoud met Pieter was dat hy ’n behoefte aan verhoudingsbou het, en dat hy wil leer “om saam vriende te wees” (Pieter/137).

Uit die data het geblyk dat die jeugdiges aan die volwassene-jeugdige-verhoudings wil werk. Ek hou die volgende aanhalings voor ter ondersteuning van die stelling: “ Om met onderwysers oor probleme te praat (Louis)” en “Om met onderwysers feite te praat” Attie/255. Hulle wil ook “gerespekteer word deur onderwysers” (Louis) en hulle wil hê dat “hulle talente deur die gemeenskap erken word” (Attie). Die verhouding tussen die jeugdiges en die gemeenskap asook weerbaarheid was vir die jeugdiges belangrik en hulle het gedurig daarvan melding gemaak wanneer hulle vrae oor hulle opvoedkundige behoeftes of die herhaling van misdaad beantwoord het.

4.9 ALTERNATIEWE ONDERSTEUNINGSPROGRAMME

Die data toon dat die deelnemers alternatiewe ondersteuning benodig. Tabel 4.5 bevat inligting oor wat die jeugdiges as alternatiewe ondersteuning en programme beskou het. Hulle het verskeie voorstelle gemaak wat fisiese ontwikkeling, materiële ondersteuning, inskakeling, vryetydsbesteding, erkenning en motivering ingesluit het. Die ondersteuning wat die jeugdiges geïdentifiseer het, hou veral verband met inskakeling by die gemeenskap, motivering vanaf ander, armoedeverligting en weerbaarheid.

TABEL 4.5: ALTERNATIEWE ONDERSTEUNING/PROGRAMME		
KATEGORIE	EIENSKAPPE	VERWYSING
Fisiese, sosiale ontwikkeling	rugby, krieket, sokker,	Louis –152, 154
	korfbal	Pieter – 98
Materiële hulp	Borgskap vanaf gemeenskap bv. klere	Attie – 193
	Deelname aan SA rugby	Attie – 194
	Uitspeel, kamp, ekspedisie	Pieter – 109
Sportgeleenthede/insluiting		
Vryetydsbesteding	Lekker naweekprogramme	Attie – 229
	Nuwe video's in die saal	Attie – 231
Erkenning	Raaksien van talent	Attie – 191
Motivering	Moed inpraat	Louis – 194
Inperking	Meer voorregte, nie inhok nie	Pieter – 105

Pieter het genoem dat hy graag op ekspedisies en kampe gaan (Pieter, 109), ten spyte daarvan dat dié vergunnings wel by die jeugsentrum bestaan. Dit is egter slegs beskikbaar vir sommige jeugdiges wat persoonlik moet aandui of hulle belangstel om aan die program deel te neem. Die personeel by die sentrum sit met die dilemma dat die jeugdiges potensiële misdadigers is aangesien hulle 'n rekord van oortredings het. Die voorwaarde vir insluiting by ekspedisies behels dat jeugdiges se gedrag goed moet wees en dat hulle in die programme moet vorder. Wanneer sportwedstryde of uitstappies beplan word, is daar seleksiekriteria vir deelname aangesien alle jeugdiges by die sentrum gevonnis is en nie vry is om te kom en te gaan soos hulle wil nie.

Daar word op ’n gereelde basis teen ander inrigtings wedstryde gespeel (Attie, 194). Die jeugdiges beleef egter dié geleenthede as vol inperkings. Tydens sport of uitstappies is daar altyd die moontlikheid vir ontsnapping of deelname aan ander vorme van misdaad. Die deelnemers het die proses as selektief beleef aangesien hulle nooit die geleentheid gekry het om geselekteer te word nie. Hulle het melding gemaak van gunsteling-sportsoorte, soos rugby en sokker, wat hulle wil beoefen. Die sportsoorte word wel beoefen en alle jeugdiges kry geleentheid om deel te neem. Die jeugdiges geniet veral die geleenthede wanneer hulle weg van die hoë mure van die koshuis op die sportveld in wedstryde speel en oefen. Daar is veral ’n onderwyser, mnr. Goaly Hurling, van wie melding gemaak is. Hy is ’n passievolle onderwyser wat die jeugdiges met entoesiasme en ywer aanmoedig en motiveer om altyd hul beste op die sportveld sowel as in die werkswinkel te lewer. Die jeugdiges het groot waardering vir mnr. Hurling wat volgens hulle op ’n vaderlike wyse met hulle praat oor sportdeelname en hulle aanmoedig om ’n meer positiewe uitkyk op die lewe te hê. Die beoefening van sport skep ’n kultuur van dissipline en tydens sportbeoefening is die jeugdiges gehoorsaam en respekvol teenoor die onderwyser. Sportbeoefening en uitstappies by die jeugsentrum skep vir die jeugdiges ’n omgewing waar hulle ervaar dat hulle aan ’n span behoort. Alhoewel hulle dit geniet en baie waarde daaraan heg, sien die personeel dit miskien nie noodwendig so nie.

Die ander subkategorieë is naweekprogramme en vryetydsbesteding. Die jeugdiges het die wens uitgespreek dat daar “lekker naweekprogramme” (Attie/229) aangebied moet word omdat hulle daarsonder liefs wil wegloop van die sentrum. Wanneer hulle vir “new release videos” (Attie/231) vra, kry hulle altyd die geleentheid om die jongste video’s wat beskikbaar is te sien. Die gedagte dat juis nuwe vrystellings gesoek word, dui op hulle ingesteldheid om op hoogte te wees van wat in die wêreld buite die sentrum gebeur. ’n Afleiding uit die data is dat ’n goeie naweekprogram slegs geassosieer is met video’s kyk en dat hulle geen ander idees kon voorstel nie. Om opgesluit te word, was vir die jeugdiges onaangenaam. Pieter het die term “inhok” gebruik toe hy verwoord hoe hy dit

ervaar. Die feit dat hy ook as gevolg daarvan van die sentrum af wil wegloop, is ’n aanduiding van hoe negatief hy opsluiting ervaar.

4.10 HERHALING VAN MISDAAD

Die studie wou ook ondersoek instel na waarom jeugdiges weer by misdaad betrokke raak nadat hulle die ontwikkelingsprogramme van die jeugsorgsentrum voltooi het. Uit die data is die onderstaande redes vir die herhaling van misdaad deur die jeugdiges aangedui.

TABEL 4.6: HERHALING VAN MISDAAD

KATEGORIE	EIENSKAPPE	VERWYSING
Armoede en werkloosheid	My ma het nie om te gee nie.	Louis – 176
	Om te gaan werk is die beste	Andries – 201
	Probeer my ouer ’n traan druk.	Louis – 179
Verhouding met ouer	Ek moet my ouers help.	Louis – 186
	... weer begin dwelms gebruik.	Attie – 287
Dwelms	Beginne gebruik dwelms.	Andries – 221
	Drank confuse mos ’n man, meneer	Attie – 289
	Jy wil sterk wees by die mense.	Attie – 290
Intrinsiek/Selfbeeld	Nou gaan jy ook nou soos ’n ou dom “popeye”.	Andries – 182
	Partykeer wil jy self ook nie hoor nie.	Andries – 217
	Ek hou my net besig.	Louis – 185

Vriende/Portuurgroep	Ek het weer met dieselfde vrinne betrokke geraak. En vrinne verlei jou verder. Hulle begin weer met verkeerde maters loop. Is wanneer jy met verkeerde vrinne loop.	Pieter – 155 Andries – 182 Attie – 288 Andries – 179

Die derde navorsingsvraag het inligting verskaf oor redes waarom die jeugdiges misdaad herhaal nadat hulle ontwikkelingsprogramme voltooi het. Daar is verskeie redes verskaf en heelwat dieperliggende antwoorde is hierin opgesluit. Die redes wat verskaf en herhaal is, sluit in: “vriende” (Pieter/155, Andries/182, Attie/288), “dwelms” (Andries/221, Attie/289), “werkloosheid” (Andries/201), gebrek aan positiewe selfbeeld, ledigheid, swak ouer-kind-verhouding (Louis/179, Louis/186) en armoede (Louis/176). Die redes vir die herhaling van misdaad kan aan ’n groot verskeidenheid faktore toegeskryf word.

Andries se kommentaar oor redes waarom hy en ander jeugdiges weer misdaad pleeg, het die verantwoordelikheid na die jeugdige verskuif toe hy gesê het: “ Partykeer wil jy self ook nie hoor nie” (Andries/217). Volgens hom moet die jeugdige self die verantwoordelikheid neem om te sorg dat hy selfdissipline handhaaf. Hy moet self besluit om nie by misdaad betrokke te raak nie.

4.11 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die gereduseerde data uiteengesit volgens die temas wat geïdentifiseer is. Daar is verskillende kategorieë geïdentifiseer na aanleiding van die jeugdiges se response en kommentaar op die onderhoudsvrae. Uit die antwoorde wat die jeugdiges gegee het, kon ek tabelle en grafiese voorstellings konstrueer en uiteensit. Sodoende het ek dieperliggende interpretasies gekry en ’n beter begrip van die jeugdiges

se wêreld probeer verkry. In hoofstuk 5 gee ek ’n uiteensetting van die bevindinge en maak aanbevelings. Ek wys ook op die beperkings van die studie en maak voorstelle vir verdere navorsing

HOOFSTUK 5

BEVINDINGE EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING

Met hierdie studie wou ek vasstel wat die opvoedkundige behoeftes van ’n groep manlike jeugoortreders by ’n spesifieke jeugsentrum in die Wes-Kaap is. Hierdie jeugdiges is na die sentrum gevonnis nadat hulle herhaaldelik by misdaad betrokke was. Die probleem met sodanige jeugdiges is dat dit vir hulle dit moeilik is om weer by die samelewing in te skakel en dat hulle weer by misdaad betrokke raak. Ek wou vasstel hoe die opvoedkundige program sodanige jeugdiges ’n beter kans kan bied om by die samelewing in te pas. Die studie het die vorm aangeneem van ’n kwalitatiewe navorsingstudie met ’n interpretivistiese invalshoek. Die data wat deur middel van onderhoude, waarneming en dokumentasie verkry is, moes die opvoedkundige ervaring van die deelnemers binne die jeugsentrum vasvang en beskryf. Nadat die data geanaliseer en geïnterpreteer is, is die volgende temas identifiseer:

Die jeugdiges se onderwysroete
Opvoedkundige behoeftes
Herhaling van misdaad
Alternatiewe ondersteuning en programme

In hierdie hoofstuk word die bevindinge bespreek en word aanbevelings gemaak na aanleiding van die navorsingsvrae en temas wat geïdentifiseer is. Voort sal ek ook die implikasies wat die navorsing vir jeugontwikkeling in Suid-Afrika inhou, met spesifieke verwysing na jeugoortreders, bespreek.

5.6 BESPREKING EN INTERPRETASIE VAN BEVINDINGE

5.6.1 DIE JEUGDIGE SE ONDERWYSROETE

Die vier jeugdiges se onderwysroete is deur middel van ’n grafiese voorstelling op bladsy 42 uiteengesit ten einde die groot aantal inrigtings en die verskillende departemente waar sodanige jeugoortreders geplaas word vir voortsetting van hul opvoeding, aan te toon. Elkeen van die jeugdiges was op daardie stadium reeds by verskeie opvoedkundige inrigtings, wat nie noodwendig dieselfde doelstellings vir onderrig het nie. Die drie verantwoordelike departemente, naamlik dié van Onderwys, Maatskaplike Ontwikkeling en Korrektiewe Dienste, blyk nie dieselfde kurrikulum te volg nie. So ook lyk dit nie asof daar rekord gehou word nie van op watter vlak die leerder die laaste instansie verlaat het, ten einde kontinuïteit van hul opvoeding te verseker. Die gefragmenteerde opvoedkundige dienste wat aan die jeugdige oortreders gelewer word, blyk uitdagings te skep wat bydra tot die jeugdiges se onvermoë om effektief in die samelewing geassimileer te word.

5.6.2 OUERBETROKKENHEID IN OPVOEDING VAN DIE JEUGDIGES EN MISDAAD IN DIE FAMILIE

Die onmiddellike omgewing waarin die jeugdiges opgegroei het, het geblyk ’n invloed te hê op hulle betrokkenheid by misdaad. So byvoorbeeld het die data aangetoon dat die jeugdige se onmiddellike familie, wat ouers insluit, al misdade gepleeg het, en al vonnisse weens misdaad in tronke uitgedien het. Die vier jeugdiges se beskrywing van hul huisomstandighede het ingesluit ontwrigte kinderjare, afwesige vaders en armoede. Dit sluit aan by Garbarino (1998) se navorsing dat kinders wat sonder vaders grootword, meer vatbaar is vir probleme. Die rol wat die skool, huis en onmiddellike sosiale omgewing in die jeugdige oortreders se lewens speel, is groot. Volgens Pelser (2008) leer jeugdiges hierdie gedrag aan en internaliseer hulle dit omdat hulle konstant aan misdaad en geweld blootgestel is by die huis, skool en in hulle onmiddellike sosiale omgewing. So ook het Daniels en Adams (2009) bevind dat jong misdadigers opgroei en volwassenes

word wat aanhou om die gemeenskap se lewensgehalte te ondermyn. Die jeugdiges in die studie het min positiewe gesinstrukture en familie ondersteuning ondervind. Kinders se bereiking van hul potensiaal word beperk deur omgewings uitdagings en volgens McWhirter (2007) sluit die uitdagings probleme by die huis, skool en gemeenskap, in.

5.6.3 DIE OPVOEDKUNDIGE BEHOEFTES VAN DIE JEUGDIGES

Die opvoedkundige behoeftes van die jeugdige sluit in ’n behoefte aan vaardighede, morele ontwikkeling, sosiale ontwikkeling, weerbaarheid teen portuurdruk en dwelmmisbruik. Die jeugdiges het opvoedkundige behoeftes aangedui wat nie deel is van die kurrikulum nie en dit is hierdie onderwysbehoeftes wat belangrik is, naamlik om met ander mense saam te leef en sukses in die lewe te behaal. Die vaardighede wat die jeugdiges genoem het, word deur McWirther et al (2005) beskryf as “akademiese oorlewingsvaardighede”. Sonder hierdie noodsaaklike vaardighede sal kinders en jeugdiges makliker probleemgedrag openbaar as diegene wat wel die vaardighede het. Die jeugdige in die studie het aangehou om betrokke te wees by misdaad totdat hulle gearresteer en gevonnis is. Die opvoedkundige programme van die jeugsentrum waarby die jeugdiges in die studie betrokke is, verskil van die hoofstroomkurrikulum. Die jeugdiges volg nie hoofstroomleerareas nie en inhoudelik verskil hulle program van ander departementele programme.

Voorts word daar by die sentrums nie onderskei tussen soorte jeugoortreders nie en almal word behandel as oortreders wat kan ontsnap. Dit beperk die blootstelling wat die jeugdiges kan hê aan hoofstroomonderwys. Jeugoortreders wat nie by geweldsmisdaad betrokke was nie, sou potensieel in ’n hoofstroomskool geplaas kan word en voortgaan met die kurrikulum waaraan hulle gewoond is. Jeugdiges soos die vier wat lank uit hoofstroomonderwys was, sal dit moeilik vind om weer ná hulle vrylating by hoofstroom-onderwys aan te pas. Die doelstelling met die program van openbare spesiale skoolonderwys is om onderwys te verskaf ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, en Witskrif 6 oor inklusiewe onderwys (WKOD, 2005). Die programme by die

jeugsentrum bied taal, wiskunde, lewensoriëntering sowel as ambagsopleiding in bouwerk, sweiswerk en houtwerk aan. Die bevindinge toon egter dat daar geen ooreenkoms met die hoofstroomkurrikulum is ten opsigte van inhoud of vlakke in die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) nie. Voorts het die jeugdiges geen formele eksamens afgelê of krediete verwerf wat oordraagbaar is en kontinuïteit in hulle onderwysroete kon verseker nie.

5.6.4 DIE HERHALING VAN MISDAAD

Die jeugdiges in hierdie studie het verskeie redes aangevoer vir hulle herhaling van misdaad, naamlik armoede, werkloosheid, swak verhoudings met hul ouers, dwelms, swak selfbeeld en portuurdruk (Tabel 4.6). Hierdie bevindinge stem ooreen met die Australiese studie deur Van der Merwe en Dawes (2004) oor jeugdiges se herhaalde betrokkenheid by oortredings. Die bevindings van daardie studie is soos volg beskryf:

- daar was niemand nie of min mense wat vir hulle omgegee het;
- hulle ouers het hulle nie genoeg gemonitor nie;
- daar was swak dissiplinêre optrede deur hulle ouers; en
- daar was nie bevredigende verhoudings nie.

Volgens die jeugdiges in die huidige studie het hulle baie jonk begin met antisosiale gedrag en misdaad. Hulle het swak gevaar op skool en hulle het nie aan sport of die gemeenskapslewe deelgeneem nie. Hierdie studie se bevindinge sluit aan by die bevindinge deur Maxwell (2004:22), naamlik dat swak interpersoonlike verhoudings met vriende en ouers bydra tot die herhaling van misdaad. Hierdie bevindinge het veral implikasies vir Suid-Afrikaanse programme omdat die meeste jeugoortreders in Suid-Afrika veral betrokke is by oortredings soos huisbraak en diefstal. Die literatuur toon egter ook dat Suid-Afrikaanse jeugdiges se betrokkenheid by misdaad aansienlik verskil van dié van volwassenes, want volgens Leoschut en Burten (2005) is jeugdiges se betrokkenheid by geweldsmisdaad agt keer meer as by volwassenes, diefstal is vyf keer meer, en roof kom vier keer meer by jeugdiges voor as by volwassenes.

5.2.5 ALTERNATIEWE PROGRAMME

Die jeugdiges in die huidige studie het alternatiewe ondersteuning en programme voorgestel wat in Tabel 4.5 aangedui word. Hulle sal graag die onderstaande wil ontvang en ervaar:

- motivering deur onderwysers;
- erkenning deur die gemeenskap;
- geen inperking nie;
- leiding ten opsigte van positiewe vryetydsbesteding; en
- insluiting in gemeenskapslewe.

Die jeugdiges se behoeftes sluit aan by Daniels en Adams (2009) se betoog vir ’n wegbeweeg van ’n agterstanddiskoers wat die jeug benader as mense met probleme wat opgelos moet word. Die deelnemers aan die studie het bekend gemaak dat hulle deel wil wees van die gemeenskap en dat hulle nie ingeperk wil wees nie. Die jeugdiges het hulle opsluiting as beperkend beleef omdat hulle aan sekere kriteria moes voldoen alvorens hulle byvoorbeeld vir uitstappies en sportbyeenkomste oorweeg kon word. Dit was hulle enigste kontak met ander persone van die gemeenskap. Teen die agtergrond van die navorsing is daar ’n noue verband tussen die begrippe *vervreemding*, *uitsluiting* en *jeugoortreding* want dit blyk dat die jeugdiges wat oortree, dit beleef dat hulle opgesluit word, weg van hulle gemeenskap en familie, en dat dit vervreemding en uitsluiting tot gevolg het. Glaser (s.j.) sluit hierby aan met sy navorsing oor jeugbendes in Soweto waar hy bevind het dat vervreemding en afgeslotenheid (*disconnectedness*) jeugdiges se kanse om by bendebedrywighede betrokke te raak, verhoog. Die bevindinge van hierdie dui ook daarop dat die jeugdiges wil sosialiseer met vriende en deel wees van die gemeenskap.

Die jeugdiges het die behoefte uitgespreek om met onderwysers oor hulle probleme te praat. Die verhouding met onderwysers moet egter op wedersydse respek gebaseer wees.

Hierdie navorsing het bevind dat ’n tekort aan goeie kommunikasie gee aanleiding tot sosiale isolasie en verwerping en gevolglik ook swak sielkundige aanpassing en tekorte aan verbondenheid (*connectedness*). Verder is daar ’n verband tussen positiewe interaksies met volwassenes en aanvaarding deur die portuurgroep en vriendelikheid en positiewe interpersoonlike kommunikasie (Townsend & McWirther, 2005; Lee et al., 2001). Die data van hierdie studie toon dat die jeugdiges graag verantwoordelik wil optree en die regte besluite wil neem soos met wie om bevriend te wees. So ook wil hulle dwelms en drank afsweer. Hulle noem dat dwelms een van die redes was waarom hulle weer betrokke geraak het by misdaad. Die fisiologiese en sielkundige gevolge van dwelmmisbruik is dat dit die gebruiker se oordeel beïnvloed, wat weer tot swak skoolprestasies en misdaad lei (McWirther et al., 2005:152) en volgehoue gebruik van dwelms lei tot eensaamheid, depressie, selfmoord en ’n afname in sosiale ondersteuning (Newcomb & Bentler, 1989).

Navorsing oor alternatiewe programme vir riskante jeugdiges het getoon dat die jeugdiges ’n behoefte het aan programme wat op ’n persoonlike vlak aan hulle spesifieke behoeftes aandag gee (Dynarski & Gleason, 2002). Die deelnemers het aangedui dat hulle erkenning wil hê van die gemeenskap en deel van die sportgemeenskap wil word. Attie het ook genoem dat hy kontak met die sentrum wil behou wanneer sy vonnis verby is. Andries en Attie het aangedui dat hulle graag wil teruggaan skool toe. Hulle wil ook graag meer voorregte hê, meer op uitstappies gaan, sport beoefen en aangemoedig word.

Twee eeue gelede het Pestalozzi (in Brentro et al., 2001) beklemtoon dat die fisiese en intellektuele ontwikkeling van ’n kind sonder liefde nie op ’n natuurlike wyse sal ontwikkel nie. Volgens Brentro et al. (2001) is daar spesifieke fokuspunte wat in ag geneem moet word wanneer dit by rehabilitasie kom en dit sluit in dat daar na die behoeftes van die jeugdige omgesien moet word eerder as dat daar op die wangedrag gekonsentreer word. Uit die navorsing het na vore gekom dat die jeugdiges ’n behoefte het aan beroepsvaardighede, vriendskap, erkenning, insluiting, vryheid van dwelms, selfvertroue en morele ontwikkeling. Dit het ook gelyk asof die jeugdiges veral positief gereageer het teenoor ’n onderwyser wat belangstelling in hulle as mense getoon het. Die

betrokke onderwyser het, terwyl hy sport afgerig het, selfvertroue by hulle ingeboesem deur die vertroue wat hy in hulle vermoëns getoon het.

5.7 IMPLIKASIES VAN BEVINDINGE

Die bevindinge van die studie hou veral implikasies in vir programontwikkeling en implementering omdat die deelnemers hulle opvoedkundige behoeftes verwoord het. Die programme moet dus aan die hand van die behoeftes ontwikkel en bestuur word. Alle deelnemers het ’n agterstand in hulle skoolopleiding en benodig gespesialiseerde ondersteuning sodat hulle die agterstand kan inhaal en tot die arbeidmark kan toetree.

Die gesin van die oortreder moet van reg aan die begin van die vonnistermyn tot aan die einde en tot en met vrylating as aktiewe agente by die rehabilitasie van jeugoortreders ingesluit word. Gedurende die vonnistermyn moet geleentheid gegee word vir die oortreder om in gemeenskapsaktiwiteite betrokke te wees hetsy by feesvieringe of sport- en kultuuraktiwiteite.

Jeugdige oortreders moet die geleentheid gegee word om binne ’n inklusiewe leeromgewing gerehabiliteer te word. Dit het geblyk dat die jeugdiges die jeugsentrum as ’n gevangenis beskou, wat bydra tot hulle mening dat hulle nie vry is om normale dinge soos sport en uitstappies te geniet nie. Die jeugsentrum kan ’n kultuur skep wat sy ooreenkomste met ’n gevangenis verminder ten einde rehabilitering en insluiting te bevorder.

5.8 AANBEVELINGS N.A.V. NAVORSING

Tydens die onderhoude het die jeugdiges hulle vervreemding verwoord. Daar moet doelbewuste pogings aangewend word om die interpersoonlike verhoudings van die jeugdige positief te versterk. Daar kan meer familie- en gemeenskapsinsluiting wees sodat geliefdes baie meer kontakgeleenthede met aangehoudenes kan hê. Hierdie kontak kan as ’n opvoedkundige geleentheid benut word en gemeenskappe kan dan ’n aktiewe

rol in die rehabilitasie van sodanige oortreders speel. Jeugdiges moet op sodanige wyse gedissiplineer word dat hulle verantwoordelikheid vir hulle dade aanvaar en nie teen gesaghebbendes volwassenes in opstand kom nie.

Die opvoedkundige programme moet jeugdiges bemagtig en hulle ervarings van sukses laat beleef. Oortreders moet die geleentheid kry om hoofstroomleerareas te volg wat nie inhoudelik van mekaar oor departementele programme heen verskil nie. Dit kan kontinuïteit in die jeugdige se onderwys en opleiding moontlik maak en help om agterstande of ontwrigting die hoof bied. Die implementering van ontwikkelings-programme moet gemonitor word en die suksesse daarvan moet gemeet word. Die programme moet jeugdiges bemagtig om ’n sinvolle lewe te lei wat gekenmerk word deur hoopvolheid en doelgerigtheid. Die agterstande wat verband hou met skolastiese vordering of morele ontwikkeling moet doeltreffend die hoof gebied word. Indien ontwikkelingsprogramme nie die gewenste uitkomste behaal nie moet sodanige programme aangepas, verander of vervang word.

Daar moet hernude entoesiasme wees om herstellende geregtigheid toe te pas en oortreders en slagoffers te ondersteun. Inklusiewe onderwys moet tot so ’n mate geïmplementeer word dat selfs persone wat skuldig bevind word aan misdaad ook die geleentheid kry om hulle potensiaal te bereik en ingesluit bly in die samelewing.

5.9 BEPERKINGS VAN DIE STUDIE

Tydens die transkripsie van die onderhoude het sekere antwoorde my met nuwe vrae gelaat, maar weens die beperkte omvang van die studie kon ek dit nie verder opvolg nie. Die doelgerigte steekproef het vier jeugdiges ingesluit wat ’n beperking geplaas het op wat bevind kon word. Met ’n groter studie sou ek graag meer jeugdiges van die sentrum wou betrek en veral dié wat die sentrum reeds vir ’n geruime tyd verlaat het. Ek sou ook meer rolspelers van die spesiale jeugsentrum, gevangenis of maatskaplike dienste wou betrek aangesien hul ook op verskillende wyses betrokke was by die jeugdiges. Daar was

geen vroulike deelnemers aan die studie nie en ek is seker dat verdere studie ’n geleentheid sou kon bied om ’n nog meer holistiese en diverse perspektief te kry.

5.6 SAMEVATTING

Die huidige studie was ’n kwalitatiewe interpretivistiese ondersoek na die opvoedkundige ondersteuning van jeugdiges in ’n Wes-Kaapse jeugsentrum. Wat die bevindinge toon, is dat die jeugdiges se onderwysroete sporadies was en baie onderbrekings toon. Die jeugsentrum hou egter nie die historiese verloop van sodanige jeugdiges se opvoeding in gedagte nie, ook nie hul behoeftes nie. Hulle word almal onderwerp aan ’n program wat nie noodwendig gepas is vir die voortsetting van hierdie individue se opvoeding nie. Voorts bekwaam sodanige program nie die jeugdiges om, wanneer hulle die jeugsentrum verlaat, effektief by die samelewing te kan inskakel nie. Dit is noodsaaklik dat verdere navorsing gedoen word om vas te stel hoe programme aangepas kan word ten einde jeugsentrumleerders effektief te kan bedien, en ook aktiewe burgers vir die samelewing te lewer.

BRONNELYS

APTER, S. 1982. *Troubled children: Troubled systems*. New York: Pergamon.

BABBIE, E. & MOUTON, J. 2001. *The practice of social research*. Kaapstad: Oxford University Press.

BANDURA, A. 1977, *Social learning theory*. Engelwood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.

BRENTRO, L.K. & BROKENLEG, M. 1993. *Beyond the curriculum of control – Children on the edge*. bl. 6-10.

BRENDTRO, L.K., BROKENLEG, M. & BROKERN, S. 1998. *Reclaiming youth at risk: our hope for the future*. Bloomington, Ind: National Educational Services.

BRENDTRO, L.& NESS, A. 1983. *Re-educating troubled youth*. New York: Aldine

BRONFENBRENNER, U. 1979. *The ecology of human development*. Cambridge, MA: Harvard University Press.

BROWN, J. 2005. Persoonlike onderhoud. 25 Junie 2005, Worcester.

CHESS, S. & THOMAS, A. 1984. *Origins and evolution of behaviour disorders from infancy to early adult life*.Cambridge, Mass: Harvard University.

CRESWELL, J.W. 1994. *Research design. Qualitative and qualitative approaches*. Thousand Oaks: Sage.

CORBIN, J. & STRAUSS, A. 1990 *Basics of qualitative research. Techniques and procedures for developing grounded theory*. Thousand Oaks, California: Sage.

DANIELS, D. & ADAMS, Q. 2009. *Breaking with township gangsterism*: The struggle

for place and voice. Unpublished paper presented at the Qualitative Inquiry 2009 Congress, 20-23 May 2009, Urbana-Champaign, Illinois, USA.

DENZIN. N.K. & LINCOLN, Y.S. 2000. Introduction: The discipline and practice of qualitative research. In: N.K. Denzin, & Y.S. Lincoln (red). *Handbook of qualitative research* (2de uitgawe) Thousand Oaks: Sage.

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS (DvO). 2001. Witskrif No. 6 (2001) oor spesiale onderwysbehoeftes: Bou ’n inklusiewe onderwys- en opleidingstelsel. Pretoria.

DONALD, D., LAZARUS, S. & LOLWANA, P. 2002. *Educational psychology in social context*. Kaapstad: Oxford University Press.

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS (DvO). 2000. *Alternatives to corporal punishment*. Pretoria

DURRHEIM, K. 1999. Research design. In: Terre Blanche, M. & Durrheim, K. (red). *Research in practice. Applied methods for the social sciences*. Kaapstad: University of Cape Town Press.

DYSON, A. 2001. Referaat gelewer by Jornadas Cientificas de Investigacion sobre Personas con Discapacidad, Salamanca, Spain, 17 March 2001.

ENGELBRECHT, P. & GREEN, L. 2001. *Promoting learner development: Preventing and working with barriers to learning*. Pretoria: J.L. Van Schaik.

ERIKSON, E. 1968. *Identity, youth and crisis*. New York: Norton.

FEUERSTEIN, R. & FEUERSTEIN, S. 1991. *Mediated learning experience*: A theoretical review. In R, Feuerstein, P. Klein, & Tannenbaum (eds) Mediated learning experience. London: Freund.

GARMEZY, N & RUTTER, M. (Eds). 1988. *Stress, coping and development in children*. Baltimore: Johns-Hopkins University

GOLAFSHANI, N. 2003. Understanding reliability and validity in qualitative research. University of Toronto. *The Quality Report*, 8(4), Desember.

INTERMINISTERIËLE *YOUNG PEOPLE AT RISK*-KOMITEE. 1998. Minimum standards of the South-African child and youth care system draft. Hatfield.

Jordaan, D. 2005. Persoonlike onderhoud: 22 September 2005, Worcester.

LAZARUS, S. & LOMOFSKY, L. 2001. First steps in the development of an inclusive education system. *Cambridge Journal of Education*, 31(3).

MCWHIRTHER, J.J., MCWHIRTHER, B.T., MCWHIRTHER, E.H. & MCWHIRTHER, R.J. 2007. *At-risk youth: A comprehensive response for counselors, teachers, psychologists, and human services professionals*. Verenigde State van Amerika: Thomson Brooks/Cole.

MERRIAM, S.B. 1998. *Qualitative research and case study application in education*. San Francisco: Jossey-Bass.

MERRIAM, S.B. en Genote. 2002. *Qualitative research in practice: Examples for discussion and analysis*. San Francisco: Jossey-Bass.

MOUTON, J. 1996. *Understanding social research*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Nomganga, B. 2005. Persoonlike onderhoud. 5 Mei 2005, Rawsonville

PATTON, M.Q. 1987. *How to use qualitative methods in evaluation*. Newbury Park, California: Sage.

PELSER, E. 2008. Learning to be lost: Youth crime in South Africa. Besprekingsartikel vir die RGN-jeugbeleidinisiatief. Pretoria: Reserwebank. 13 Mei 2008.

PIAGET, J.1953. *The origin of intelligence in the child*. London: Routledge and Kegan Paul.

REDL, F. 1952. *Controls from within*. New York: Free Press.

SEBBA, J. , BYERS, R., & ROSE, R. 1993. *Redefining the whole curriculum for pupils with learning difficulties.* London: David Fulton.

STEYN, F. 2008: Review of South African innovations in diversion and reintegration of at risk youth. ’n Studie in opdrag van die Criminal Justice Initiative van die Open Society Foundation for South Africa. Nuweland, Kaapstad.

TERRE BLANCHE, M. & KELLY, K. 1999. Interpretive methods. In: M. Terre Blanche & K. Durrheim (red.). *Research in practice. Applied methods for the social sciences*. Kaapstad: University of Cape Town Press.

WES-KAAPSE ONDERWYSDEPARTEMENT. 2005. Five-year strategic and performance plan. Kaapstad.

WHITTAKER, J. & GARBARINO, J.1983. *Social support networks*. New York: Aldine

WOOD, M. M & LONG, N. J. 1991. *Life space intervention: talking with children and youth in crisis. Austin,* Tex: Pro-Ed.

INTERNET

http:// www.statssa.gov.za

http:// www. wikipedia.org/ wiki/least restrictive environment

http:// www. pubmedcentral.nih.gov/ picrender

http:// www. suu.edu/ faculty/ stein/ communication

http:// www. nersp.nerdc.ufl.edu.com

http:// www.legaladmin.co.za

http:// www. nova.edu.com

BYLAE EEN

DIE ONDERWYSROETE VAN DIE JEUGDIGES

Voorbeelde van onverwerkte data

Naam van Leerder ……. Geboortedatum…… Dorp……..

A. Dept. Onderwys 1. Worcester Voorbereiding 2. Worcester Prim. 3.Bredasdorp Laer 4. De Heide Prim 8.EurekaJS

B. Dept. Maatskaplike Dienste 6. Outeniqua 7. Lindelani

C. Dept. Korrektiewe Dienste 5.Caledon Gev.

Naam van Leerder PB ……. Geboortedatum …… Dorp……..

A. Dept. Onderwys 1. New Town Prim 2. Charleston Hill Sek. 6. Eureka JS Eureka JS

B Dept. Maatskaplike Dienste 3. Horizon

C Dept. Korrektiewe Dienste 4. Allandale Gev. 5. Malmesbury Gev. 7. Allandale Gev. Pollsmoor. Allandale Gev.

Naam van LeerderAB ……. Geboortedatum…… Dorp……..

A. Dept. Onderwys 1.Colridge Prim 2. Protea Prim 7. Eureka JS

B Dept. Maatskaplike Dienste 3. Outeniqua

C .Dept. Korrektiewe Dienste 4. Oudshoorn Gev. 5. Barselona Gev. 6. Mosselbaai Gev.

Naam van LeerderAD ……. Geboortedatum…… Dorp……..

A. Dept. Onderwys 1. Eden Prim 6. Eureka JS 4. Ottery

B Dept. Maatskaplike Dienste 3. Lindilani

C .Dept. Korrektiewe Dienste 5. Malmesbury

BYLAE TWEE

ONDERHOUDSGIDS

Navorsingsvrae:

1. Wat is die leerders in jeugsorgsentrums se opvoedkundige behoeftes?
2. Wat is hul ondervinding van die ontwikkelingsprogramme waaraan hulle in die jeugsorgsentrum blootgestel is?
3. Watter alternatiewe ondersteuning volgens leerders moet deur jeugsorgsentrums gegee word?

Biografiese inligting van leerders:

Naam van leerder:

Ouderdom:

Woonplek:

Huislike agtergrond:

Leef sy ouers?

Waar en by wie het hy grootgeword?

Is hy die oudste, jongste of enigste kind? Het hy ander broers, susters of stiefbroers?

Hoe beskryf hy sy verhouding met sy gesin of ander familie?

Is daar ’n familiegeskiedenis van misdaad ?

Skoolagtergrond:

Waar het jy skoolgegaan?

In watter graad was jy toe jy die skool verlaat het?

Wanneer het jy begin met misdaad en hoe oud was jy?

In watter inrigtings was jy alreeds?

Opvoedkundige behoeftes:

Hoe ervaar jy die klasonderrig en ander buitemuurse aktiwiteite? Wat wil jy graag by die sentrum leer en doen?

Wat moet daagliks gebeur?

Hoe kan die sentrum jou beter help en na jou behoeftes omsien ?

Ander behoeftes: Sosiale behoeftes/Godsdienstige behoeftes:

By watter ander programme en aktiwiteite wil jy graag betrokke wees?

Watter veranderinge, indien enige sal jy voorstel in die program van die sentrum ?

Belewing van die sentrum:

Hoe ervaar jy die sentrum se personeel?

Ander leerders?

Waarvan by die sentrum hou jy?

Wat is dinge wat jy as onaangenaam sal beskryf by die sentrum?

Herhaling van misdaad:

Waarom raak seuns weer by misdaad betrokke?

Wat kan gedoen word hier by die sentrum om dit te voorkom?

Wie moet hulle help en hoe?

As ek jou oor 2 tot 5 jaar sou raakloop, wat sal jy doen/waar sal jy wees?

BYLAE DRIE

VOORBEELD VAN ONVERWERKTE DATA: (ONDERHOUD MET LOUIS)

L: Ek is LV. van Bredasdorp en ja.

D. Hoe oud is jy nou?

L: Ek is nou 16 jaar oud.

D: Mm. Vertel so bietjie van jou familie.

D: Leef jou ouers nog?

L: Ja, my ma en pa.

D: Okey, en waar het jy grootgeword?

L: In Worcester.

D: In Worcester. Het jy grootgeword in Worcester? By wie?

L: By my ma en my pa.

D: Is jy die oudste of die jongste?

L: Ek is die oudste seun?

D: Uh. Vertel my nog ’n bietjie van jou broers en susters.

L: My suster, my een suster werk by Ackermans. Sy is daar in Bredasdorp. My ander suster is in Riversdal in ’n restaurant en ek het nog net ’n klein broertjie, meneer.

D: Hoe oud is hy nou?

L: My broertjie is omtrent so tien.

D: Ek hoe sou jy sê is jou familie met jou, met jou gesin? Hoe is jul verhouding?

L: Ek het ’n goeie verhouding met hulle. As ek probleme het, dan praat my ma en pa met my. Hulle roep my enige tyd kamer toe as hulle sien iets is nie reg nie.

D: Mm.

L: ’n Baie goeie verhouding.

D: Is daar in die familie ander mense wat ook betrokke was by misdaad?

L: My pa.

D: Ja.

L: Op sy dae het hy moorde gemaak en goed.

D: Mh.

L: Ja, hy het meestal moord gepleeg.

D: Waar het jy skoolgegaan?

L Worcester Primêr en Worcester Voorbereiding.

D: Uh. In watter standerd was jy toe jy die skool verlaat het?

L: Graad 6.

D: Uh. En wanneer het jy begin met misdaad? Hoe oud was jy toe?

L: Mmm. Ek was, daai was 2000, ja, toe is ek al elf, twaalf.

D: Mm. En as jy nou moet sê in watter inrigtings was jy al oral?

L: Watter skole?

D: Ja. Watter skole, inrigtings, kom ons begin by die eerste. Kom ons sê by watter laerskool was jy?

L: In Bredasdorp?

D: Ja, oral waar jy nou al was.

L: Worcester Voorbereiding.

D. Aha

L. Mmm. Worcester Primêr.

D: Aha.

L: Bredasdorp Laerskool.

D: Okey, so jou derde skool was Bredasdorp Laerskool?

L: Ja.

D: En daarna?

L: Dit was by Laerskool, De Heide Primêr.

D: De Heide?

L: Ja, daai was my laaste skool.

D: Aha en daarna?

L: Uuh. Daai was my laaste skool, toe, maar so in die tussentyd was ek nog by jeugsentrums ook gewees.

D: Uh, soos watter?

L: Mmm. Wellington jeugsorgsentrum en Outeniqua daar in George en by Lindilani in Stellenbosch.

D: Uh, en waar nog?

L: Is net daai en hierso.

D: En dan Eureka?

L: Ja.

D: Okey. So Eureka was jou agste, nè? Was jy, was jy al in die tronk?

L: Ja, ek was twee keer.

D: By watter tronk?

L: Caledon, Caledon Gevangenis

D: Wanneer was dit?

L: Dit was 2002.

D: Uhu, net by Caledon?

L: Ja.

D: Uh, so was jy een keer in die tronk?

L: Twee keer.

D: Twee keer by dieselfde tronk?

L: Ja.

D: En so hoe lank was jy daar?

L: Omtrent, eenkeer was ek twee maande.

D: Aha.

L: En die ander keer was ek omtrent drie, drie weke daar. Ek was vir ’n saak daar gewees.

D: Aha. Okey, as jy nou moet sê oor jou ondervinding by die sentrum waar jy nou is. Hoe ervaar jy die klas en die buitemuurse goed wat hier gebeur en gebeur het?

L: Miskien, hoe is dit vir my hier in die plek?

D: Aha.

L: Nee, in die klas is dit lekker, maar net partykeer is dit nie lekker in klas nie.

D: So wanneer, watter tye is dit nie lekker nie?

L: As die juffrouens, as hul gesigte so af lyk. Hulle, hulle wil nie nog, hulle voel nie om te praat saam met jou oor jou probleme nie.

D: Uhu.

L: As die kinders probleme het, moet hulle die kinders eenkant toe roep en praat saam hulle.

D: Uhu Wat sal jy nog graag by die sentrum wil leer en doen?

L: Uh mmm, sweis, meneer, en om dieper te dink, meneer.

D: Wat bedoel jy as jy nou sê: om dieper te dink?

L: As miskien ’n vriend, ek stel net ’n voorbeeld. Hy sê my ons gaan breek ’n huis in, om te dink, kan dink aan die gevolge, die verantwoordelikheid. Ek wil leer om verantwoordelik te kan wees vir my goed en ander mense en hulle goed.

D: As jy nou moet sê. Hoe kan die sentrum jou help, jou beter help?

L: Hoe bedoel meneer nou?

D: Hoe kan ons jou hier leer die goed wat jy nou genoem het?

L: Nee, as, soos die onderwysers respek het teenoor jou, dan sal jy mos dink, as hulle respek het teenoor my, hoe kan ek nie respek het teenoor hulle nie dan maak dit klaar jou ’n beter mens. En om vir jou te leer om te dink aan die nagevolge, Miskien soos groepe loop, soos dit wat ons nou gedoen het, Hulle praat moet jou oor vigs, enige ding, nagevolge, verantwoordelikheid, daai alles, en soos die Circle of Courage, ja so help hulle jou reg, Dan vra hulle die vrae oor die negatiewe aspekte van goed. Dan sê hulle daai maak my ’n beter mens op die plek.

D: Uhu. Watter ander programme sal jy nog wil doen? Iets anders?

L: Rugby, meneer.

D: Uhu.

L: En krieket, dis al, meneer.

D: Uhu. Hoe vind jy die ander kinders hier by die skool?

L: Uh, ek het nie, soos ek sê ek dra niemand van hulle op die hart nie, meneer, maar van hulle, meneer, hulle wil net dinge aan ’n ou hier doen, maar, umm.

D: Mm.

L: Maar hulle sê mos, meneer, dinge gaan jy nie altyd jou way kry nie. Dis hoekom ek, ek het nie probleme met kinders hier nie.

D: Uhu Wat sou jy sê was nou regtig onaangenaam vir jou hier by die sentrum?

L: Nie lekker nie, meneer?

D: Aha Wat was dit?

L: Die tyd wat ons sake gehad het, Hoe hulle my behandel het.

D: Uhu, Hoe wie jou behandel het?

L: Die menere, party van die menere en juffrouens by die skool.

D: Uh … As jy nou moet praat oor misdaad en hoekom kinders misdaad herhaal. Hoe sou jy sê waarom?

L: Meneer, sê maar nou hulle is by die huis, meneer, en hulle vra hulle ma's geld, meneer, en hulle ma's het nie om vir hulle te gee nie, dan verstaan hulle nie, meneer, uh my ma het nou nie, dan probeer hulle nou hulle ouer nou "'n traan druk", en gaan breek ander mense se huise in, sien meneer nou, dit wil sê hulle moet mos leer, meneer, as daar nie is nie, dan is daar nie. Soos ek, meneer, as ek by die huis is, ek hou maar net by die huis, help my ma met die skottelgoed, vloere was, tuinjoppies, enige iets, ek hou my net besig.

D: En wat sou jy sê. Wat kan hier by die sentrum gedoen word om te voorkom dat seuns weer betrokke raak by misdaad? Wat kan ons hier by die sentrum doen?

L: As hulle weer bymekaar wil raak by misdaad?

D: Om te keer ja.

L: O, om te keer?

D: Mm.

L: Net moed in hulle praat, meneer. As hulle die regte dinge sê, miskien soos wat ek nou gesê het, meneer, hulle moet hulle ouers help as hulle huis toe gaan, meneer, en misdaad agter die rug sit.

D: Uhu en kom ons sê, een van my laaste vrae, sê oor twee of vyf jaar loop ek jou weer raak, wat sal jy doen en waar sal jy wees?

L: Ekke, meneer, waar sal ek wees, meneer?

D: Uh.

L: Ek sal in Bredasdorp wees en miskien ek sal werk, meneer.

D: Uh.

L: Maar as meneer my raak loop, ek sal nie maak asof ek meneer nie ken nie.

D: Ha ha ha!

L: Ek sal meneer groet en gesels, meneer.

D: Aha, as daar nog enige iets is wat jy nou aan dink wat belangrik is wat ek moet weet wat sal dit wees?

L: Hoe bedoel meneer nou?

D: Enige iets wat jy dink wat op jou hart is wat jy miskien wil deel.

L: Nee, daar is nie nog iets nie.

D: Uhu, L, dankie, man, ek het nou.

L: Okey, meneer.

D: Ek het nou baie geleer.

L: Ons kan maar stop, meneer.

D: Ha, ha ha, kan ek maar stop?

L: Ja, meneer.

BYLAE VIER

VOORBEELDE VAN ONVERWERKTE DATA UIT DIE ONDERHOUDE

VRAAG EEN

WAT IS DIE LEERDERS IN SPESIALE JEUGSORGSENTRUMS SE OPVOEDKUNDIGE BEHOEFTES?

Leerders se individuele response

LV:

L112 As die kinders probleme het moet hulle die kinders eenkant toe roep en praat saam hulle.

L116 Sweis, meneer.

L116 en om dieper te dink. Miskien ’n vriend hy sê my ons gaan breek ’n huis in,

L121 om te dink, kan dink aan die nagevolge, die verantwoordelikheid.

L122 Ek wil leer om verantwoordelik te kan wees vir my goed en ander mense en hulle goed.

L129 As die onderwyser respek het teenoor jou

L134 Miskien soos groepe loop

L135 Praat met jou oor vigs, enige ding.

PB:

L78. Ek het baie geleer wat is my regte punte en wat is my verkeerde punt.

L79. My dinge wat ek nie kan gedoen het nie, wat ek vandag kan doen en dat ek buite vir my kan opwerk daarmee.

L86. Ek nog wil leer is om hoe om in dieselfde werkswinkel wil ek graag leer hoe om met gas te werk en by die houtwerk.

L37. Om saam met my vrinne te wees, rugby speel, sokker te speel, enige ding wat sport betref.

L142. Moenie afbreek waar opgebou word nie, Hulle moet verder opbou daar wat die onderwysers en wie ook al vir ons help, die sekuriteit, hulle moet verder opbou.

L164 Is maar net, jy moet leer om weg te bly van die verkeerde vrinne as hulle jou roep of vir jou iets vra, om nee te sê, nie net om te dink as ek nee sê dan gaan ek seerkry nie.

L170 Jy moet maar net leer om weg te bly van verkeerde vrinne af en om die verkeerde gedagtes te los en om die goeie gedagtes aan te gaan.

AB:

L179 Ek wil hê die sentrum meneer, miskien die sentrum, ek wil baie saam meer kontak maak. As iets my miskien pla, meneer, miskien iets dryf my miskien weer na so ’n plek toe, dan wil ek weer ’n tydjie hier kom aanpas, meneer.

L189 Ek wil net hê, meneer, hier is baie van die laaities wat hier by die sentrum is, meneer, wat miskien klomp talent het, meneer, dat die gemeenskap net miskien na hulle kyk, meneer, miskien soos vir hulle sponsors met goed, meneer, soos klere sulke goed; SA's laat speel en sulke dinge, meneer.

L199 En ek sal gelikes het om die jaar op die SA's te gespeel het, meneer, SA rugby, meneer.

L238 Dit is nie lekker om in 'n hok te sit nie.

L253 Ek hou van dat ons miskien teen mekaar rugby speel, en party dae miskien die onderwysers praat saam my lekker feite, meneer, hoe om die lewe te behandel nou as ek miskien uitgaan, meneer, sulke dinge, meneer.

L305 Nou rook ek net groen dagga. Nou wil ek probeer dit net los, meneer, dan is my hart reg, meneer.

L310 En Sondae lekker kerk toe gaan en saans, meneer.

L461 En volgende jaar, meneer, dan wil ek ook hier buite vir die gemeenskap sê, meneer, hulle moet my 'n kans aanbied, 'n kans gee vir die klubrugby, meneer.

L466 Want hoekom, meneer, ek het mos 'n begeerte, meneer, my begeerte is om eendag rugby te speel, meneer.

L470 En ek wil hê die gemeenskap moet my 'n kans gee, meneer.

L491 Ek wil nou weer begin by die skole gaan praat, meneer.

AD:

L3 Ouderdom. Ek weet nie, meneer

L8 Geboortedatum. Ha-a, meneer, ek weet nie.

L98 Ek wil nie meer nonsens aanvang nie, meneer.

L112 Dat ek nie meer moet moeilikheid aanvang nie, meneer.

L113 Dat ek die regte paadjie loop, meneer

L117 Ek sal wil leer hoe om iets te maak, om te werk met jou hande, meneer.

L129 Soos ek, meneer, ek sal graag wil gehou het daarvan om te kan weer terug skool toe gaan, meneer.

L131 Om leer te lees meneer en skryf, meneer

L209 Ek wil werk, meneer.

WATTER ALTERNATIEWE ONDERSTEUNING MOET VOLGENS DIE LEERDERS DEUR DIE SPESIALE JEUGSENTRUM GEGEE WORD?

LV:

L152 Rugby, meneer.

L154 En krieket, dis al, meneer.

L194 Net moed in hulle in praat, meneer.

PB:

L98 Ek wil graag by die sokker en by die baseball

L105 Dat die seuns wat hier is, meer voorregte kan kry, soos uitspeel en uitgaan miskien vir ’n kamp, miskien vir ’n week op ’n ekspedisie en so.

L109 Meer ekspedisies en miskien soos meer uitgaan speel, sokker, rugby of krieket.

AB:

L227 Naweke het dit vir my gevoel, ek wil sommer net weghardloop, want hoekom hier is nie programme naweke, lekker programme nie.

L231 Miskien musiek speel, new release videos in die saal, sulke dinge, meneer.

AD:

L125 Programme, ek weet nie, meneer.

L139 Om te leer, meneer.

L141 Miskien soos sport, meneer.

L143 Ek doen sport, meneer, maar net partykeer.

WAAROM RAAK HULLE WEER BY MISDAAD BETROKKE NADAT HULLE DIE ONTWIKKELINGSPROGRAMME VAN DIE SPESIALE JEUGSENTRUM VOLTOOI HET?

LV:

L176 Hulle vra hulle ma's geld meneer en hulle ma's het nie om vir hulle te gee nie, dan L177 verstaan hulle nie, meneer, dan probeer hulle nou hulle ouer "'n traan druk" en gaan breek ander mense se huise in.

L178 My ma het nou nie.

L183 Ek hou maar net by die huis.

L185 Ek hou my net besig.

L196 Hulle moet hulle ouers help as hulle huis toe gaan, meneer en

L197 misdaad agter die rug sit.

PB:

L153 Wat ek huis toe gaan, is maar net, ek het weer met dieselfde vrinne betrokke geraak.

L155 en ek het weer dieselfde dinge gedoen. Ek het maar net vir hulle nou gewys ek is nie weg van hulle nie.

L158 Ek is nog daar, ek kan nog dit doen wat hulle ook kan doen.

AB:

L287 Omdat hulle weer begin dwelms gebruik, meneer.

L288 Hulle begin weer saam verkeerde maters loop .

L289 Drank confuse mos ’n mens, meneer.

L290 Nou wat jy dronk is, wil jy sterk wees hier voor die mense.

L300 Jy wil net mense seermaak.

AD:

L179 Is wanneer hulle begin saam met vrinne loop, meneer.

L180 En vrinne verlei jou verder.

L 184 Miskien hulle loop verby en hier is iets wat hulle kan vat nou sê hulle vir jou, vat die L186 ding sien meneer, nou gaan jy ook soos ’n dom popeye die ding vat en dan vang hulle L189 julle. Daar het hulle ’n get en dan moet jy alleen staan, meneer. Die meeste van die L189 kinders maak so, meneer.

L198 Soos ek dink, meneer, om te gaan werk, meneer, is die beste, meneer.

L217 Net die vrinne, meneer.

L217 Partykeer wil jy self ook nie hoor nie, meneer.

L220 En beginne gebruik dwelms, meneer. Is daar waar jy nie die regte paadjie loop nie, meneer.

BYLAE VYF

TOESTEMMINGSVORM

Ek, die ondergetekende, neem vrywillig aan die navorsingstudie by die jeugsentrum wat deur mnr. D. Fredericks gedoen word, deel. Ek is ingelig dat alle informasie as vertroulik hanteer sal word. Ek is meegedeel dat dit wat ek sê nie in enige hofsaak teen my gebruik sal word nie en dat hierdie onderhoud nie met enige vorige oortredings verband hou nie. Dit staan my vry om enige tyd die onderhoud stop te sit of te weier om sekere vrae te beantwoord.

Deelnemer se naam en van:

.....

Handtekening:

.....

Datum:

.....